18. Jeug en onderwys

18.1 RAPPORT DEPUTATE VIR CHRISTELIKE ONDERWYS (Artt.86, 160, 172)

A. Ds. G.J. van Wyk stel die Rapport.
B. Prof. J.L. van der Walt word verwelkom en kry geleentheid om die Rapport toe te lig.
C. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Jeug en Onderwys en finansiële aspekte word verwys na die Kommissie vir Finansies.
D. Ds. P.H. Fick stel die Kommissierapport.

E. RAPPORT

1. Opdrag 1
Die Sinode gee leiding aan Kerkrade oor die rol van die Kerk (gehoorsaam aan KO, art. 21) in die handhawing van Christelik-Gereformeerde onderwys waar 'n sekulêre onderwysstelsel Christelike onderwys uitskakel.

1. Die nuwe Deputate word versoek om hierdie opdrag verder uit te voer.
2. Die Deputate beveel aan dat onderwysdeputate in al die provinsies hulle, waar moontlik, sal beywer vir die totstandkoming van IKOO's op provinsiale, streeks- en plaaslike vlak, en van 'n SASOO vir elke provinsie wat kan dien as kommunikasienetwerk binne die provinsie, en wat met die (onderwys-) owerhede in die provinsie en die land kan skakel in belang van Christelike onderwys.
3. Dit word aanbeveel dat daar voortgegaan word met die skryf van artikels vir *Die Kerkblad* en ander publikasies sodat alle Kerkrade en lidmate ingelig kan bly oor onderwysgebeure, -beginsels en -praktyke (vgl. Opdrag Handelinge:1997:467, 4.1). Lidmate en Kerkrade moet derhalwe aangemoedig word om *Die Kerkblad* te benut as kommunikasieblad in die GKSA.
4. Daar voortgegaan word met die uitstuur van kort informatiewe artikeltjies aan Kerkrade met die oog op regstreekse opname in die verskillende gemeenteblaaie.

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae A.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbevelings

1. Die bygewerkte CNO-rapport van Klassis Rustenburg word vir argiefdoeleindes bewaar asook op die Internet beskikbaar gestel.
2. Die nuwe Deputate oorweeg die moontlikheid om die bogenoemde studiestuk van Klassis Rustenburg na gelang van behoefte te publiseer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Opdrag 2

1. Die Deputate ontvang opdrag om oor verwikkelinge met onafhanklike skoolonderwys (privaatskole):
    - met organisasies soos ARSO, die BCVO, die VCHO, die VCAO (Namibië), die Akademie vir CVHO (Pretoria), ens. te skakel;
    - die volgende Sinode te adviseer oor die aard en werksaamhede van dié organisasies en ook deurlopend berigte in hierdie verband aan die kerke deur te gee;
    - kerke in te lig oor die beginsel en moontlikhede van onafhanklike Gereformeerde skole in die lig van KO, art. 21 en vorige Sinodebesluite.
2. 'n Verteenwoordiger van die onafhanklike skoolgedagte word aangewys as lid van die CO-Deputate.
3. Die Deputate ontvang opdrag om ander moontlikhede soos tuisonderrig, satellietskole, deeltydse onafhanklike skole (basisonderrig) en onderrig via elektroniese media te monitor.

4. Die nuwe Deputate stel die artikels in *Die Kerkblad* (13 Maart 1996, no. 98 / 2983) so wyd as moontlik bekend.

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae B.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbevelings
1. Die nuwe Deputate ontvang opdrag om verwikkelinge oor skoolorganisasies wat hulle vir Gereformeerde skoolonderwys beywer, te moniteer en die Sinode hieromtrent te adviseer. In die verband word spesifiek na ARSO, die BCVO, die VCHO, die VCVS, die VCAO (Namibië) en die Akademie vir CVHO (Pretoria) verwys.
2. Wys ten minste twee verteenwoordigers van die onafhanklike skoolgedagte en een verteenwoordiger van die tuisskoolgedagte as lid van die CO-Deputate aan. *(Motivering: Daar is tans ten minste twee organisasies van Gereformeerde onafhanklike skole, naamlik ARSO en die BCVO, waarby Gereformeerde ouers betrokke is. Heelwat Gereformeerde ouers doen ook tuisonderrig).*
3. Die nuwe Deputate lig die kerke in oor die beginsel en moontlikhede van onafhanklike Gereformeerde skole in die lig van KO, art. 21; Kategismus, Sondag 37; die Doopbelofte en vorige Sinodebesluite.
4. Na aanleiding van punt 2 van Bylae B word verdere aanbevelings in die Aanvullende Rapport van die Deputate gemaak (kyk Aanvullende Rapport).
5. Publiseer die studiestuk van Sinode 1976 *In die leer te laat onderrig* en stel dit ook op die Internet beskikbaar.

Besluit: Kennis geneem.

3. Opdrag 3

Die Sinode besluit om Gereformeerde lidmate van plaaslike kerke op te roep om met lidmate van die ander Afrikaanse kerke saam te werk ter wille van Christelike onderwys en om, waar nodig, inisiatief hierin te neem.
1. Hierdie opdrag moet deur die nuwe Deputate voortgesit word.
2. Hou ‘n opvolgberaad vir die bepaling van strategie wat so gou doenlik in die praktyk gebring moet word.
3. Kerkrade en ander meerdere vergaderings word opgeskerp om betrokke te raak en deel te neem aan die aktiwiteite van provinsiale / streeks- en plaaslike IKOO’s.
4. Die prioriteite van die 20 Mei 1995-beraad word gebruik as riglyne vir ’n opvolgberaad.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbevelings
1. Die term “meewerkende kerke” word nader omskryf.
2. Stap van die gedagte van ’n opvolg-onderwyskongres af in die lig van ander ontwikkelinge waaroor in hierdie verslag gerapporteer word.
3. Die nuwe Deputate hou ’n onderwysberaad indien nodig. (In die lig van ander verwikkelinge en berade in die onderwys is dit in die afgelope drie jaar nie as nodig geag nie, vgl. Bylaag E en elders.)
4. Sit die opdrag voort om lidmate en kerklike vergaderings aan te spoor om aan die werksaamhede van die plaaslike en provinsiale IKOO’s deel te neem.

Besluit: Kennis geneem.

4. Opdrag 4
1. Die nuwe Deputate ontvang opdrag om Christelike onderwys op alle terreine en in alle verbande te bevorder en om in die lig van omstandighede op te tree. In besonder behoort stappe gedoen te word dat in enige nuwe staatkundige bedeling ruimte vir onderwys in die lig van die Woord van God geskep sal word. Dit behels dat Christelik-gefundeerde, volks (kulturele-) gebonde onderwys en opvoeding waarin die ouers, volgens hulle Doopbelofte, steeds die primêre verantwoordelikheid het en in waarin ruimte gemaak word vir lewensbeskoulike differensiasie, steeds sterk by die Hoë

Owerheid bepleit moet word. Ook om in die lig van die nuwe Grondwet alle moontlike voorstelle vir onderwysvoorsiening noukeurig te ontleed en advies aan kerke te gee.

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae C.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbevelings
1. Hierdie opdrag word voortgesit.
2. Die neiging - om hoofsaaklik reaktief op te tree teenoor regerings- en onderwysdepartementele inisiatiewe – word omgekeer tot proaktiewe optrede aan die kant van die kerke. Hiervoor is egter aansienlik meer mensekrag, tyd, geld en ander middele nodig as wat tans tot die beskikking van die CO-Deputate is.
3. Die Sinode besin hoe geld en mensekrag daadwerklik aan Christelike onderwysverenigings en die Interkerklike Handboekkomitee (IKHK) beskikbaar gestel kan word om Christelike handboeke en ander onderrigmateriaal vanuit gereformeerde perspektief vir die skole te ontwikkel. Die Sinode neem kennis van 'n ernstige krisissituasie wat op hierdie terrein heers.

Besluit: Kennis geneem.

5. Opdrag 5
1. Daar word, met inagneming van die nodige kontinuïteit en van ander vereistes waaraan voldoen moet word, die nodige aantal verteenwoordigers op die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys voorsien.
2. Daar word soos in die verlede begroot vir die IKOO, en dat daar 'n jaarlikse eskalasiefaktor in die begroting ingebou word (kyk Algemene aanbeveling 4).

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae D.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbevelings
1. Hierdie opdrag word gekontinueer.
2. Wys weer verteenwoordigers op die IKOO aan.
3. Die nodige finansiële steun word weer beskikbaar gestel (kyk ook Algemene aanbeveling 3).
4. Gee dringende aandag aan die formulering van "standpunt-dokumente" (na binne - in die kerkverband, en andersyds na buite - byvoorbeeld die landsowerheid en ander kerke) oor die onderwys vir voorlegging aan Sinode 2003. (Kyk standpuntdokumente beskikbaar - aangeheg as deel van bylae D:D1 - D6.)
5. Verbeter en bevorder die bestaan en werksaamhede van provinsiale en plaaslike IKOO's waar moontlik.
6. Stel pogings in die werk dat alle Kerkrade ook kennis neem van die werksaamhede van die IKOO.

Besluit: Kennis geneem.

6. Opdrag 6

Om saam te werk met soortgelyke Deputate van die Algemene Sinode en van ander Gereformeerde Sinodes.
1. Hierdie opdrag word voortgesit. Die nuwe Deputate word versoek om hierdie samewerking daadwerklik uit te bou, gelet op die nuwe Grondwetlike en staatsbedeling waarin die onderwys na 1996 staan.

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae E.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbeveling
Hierdie opdrag word gekontinueer.

Besluit: Kennis geneem.

7. Opdrag 7
Om inligting te versamel en te versprei oor wat die kerke met wie ons in korrespondensie staan, doen ter wille van die handhawing van Christelike onderwys in lande buite Suider-Afrika.
1. Skakel met die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) en die Christian Reformed Church in North America en wen inligting oor hulle werksaamhede (deur ouerverenigings) in.
2. Versamel en versprei inligting oor wat die kerke met wie ons in korrespondensie staan, doen ter wille van die handhawing van Christelike onderwys in lande buite Suider Afrika. Daar kan begin word deur te skakel met die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) en die Christian Reformed Church in North America en deur inligting in te win oor hulle werksaamhede (deur ouerverenigings).

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae F.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbeveling
Die opdrag word nie gekontinueer nie (vgl. Bylae F vir motivering van die aanbeveling).
Besluit: Kennis geneem.

8. Opdrag 8
Om toe te sien dat die skakeling met die verskillende ouerverenigings en onderwysersverenigings en ander onderwysliggame voortgesit word.

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae G.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbeveling
Die opdrag word gekontinueer.
Besluit: Kennis geneem.

9. Opdrag 9
Om in samewerking met Deputate vir korrespondensie met sentrale/ streeksowerhede die erkenning en beskerming van Christelike opleidingsinstansies sterk by die owerheid te bepleit.
1. Hierdie opdrag word gekontinueer.
2. Die nuwe Deputate sal 'n ontleding doen van die aanbevelings van die Nasionale Kommissie op Hoër Onderwys (1996).

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae H.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbevelings
1. Hierdie opdrag word gekontinueer dog uitgebrei word om te lees "...die erkenning, beskerming en finansiering...".
2. Die nuwe Deputate stel die inhoud van Bylae H wyer bekend in die kerkverband.
Besluit: Kennis geneem.

10. Opdrag 10
Om die Kerkrade op te skerp om hulle lidmate aan te moedig om in ooreenstemming met KO, art. 21 by die onderwys van hul kinders betrokke te wees, byvoorbeeld deur deelname aan die aktiwiteite van Gereformeerde of Christelike ouerverenigings, Christelike onderwysersverenigings.
1. Die opdrag word gekontinueer.
2. 'n Beroep word op ampsdraers en mindere vergaderings gedoen om sake wat van meerdere vergaderings af kom, met die nodige erns te bejeën, en sake wat byvoorbeeld van Onderwysdeputate af kom en wat lidmate ten nouste raak, aan laasgenoemdes deur te gee.

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae G.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbeveling
Hierdie opdrag word gekontinueer dog ook gekonsolideer met ander enersluidende opdragte van die Sinode, veral opdrag 1.
Besluit: Kennis geneem.

11. Opdrag 11
Om in artikels en ander publikasies steeds leiding te gee oor die beginsels en praktyk van Christelike onderwys, veral in die lig van die huidige omstandighede in Suid-Afrika.
Die opdrag word gekontinueer.

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae I.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbeveling
Die opdrag word gekontinueer.
Besluit: Kennis geneem.

12. Opdrag 12
Bevorder die opstelling van vakmodules wat Christelike vakonderrig in skole moontlik maak en moedig die gebruik daarvan aan.
Die opdrag word gekontinueer.

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae J.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbevelings
1. Hierdie opdrag word gekontinueer.
2. Skenk indringend aandag aan wyses waarop mensekrag, kundigheid, tyd, geld en ander middele vir hierdie belangrike taak beskikbaar gestel kan word.
3. Samewerking met ander instansies sal steeds die hoogste prioriteit ontvang wat die lewering van onderrig-leermateriaal vanuit ’n Gereformeerde perspektief betref.

Besluit: Kennis geneem.

13. Opdrag 13
Om saam te werk met die IKHK vir die beskikbaarstelling van Afrikaanse handboeke vanuit Christelik-Gereformeerde oogpunt.
Die opdrag word met opdrag 14 gekonsolideer.

Die Sinode neem kennis
Die opdrag is met opdrag 14 hierbo gekonsolideer.
Besluit: Kennis geneem.

14. Opdrag 14
Om die hou van ’n Onderwyskongres te ondersteun en deelname daaraan aan te moedig.
Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylaes C, E, H, J.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbeveling
Stap af van die gedagte van ’n Onderwyskongres met gelykgesindes in die lig van ander prioriteite wat intussen ontstaan het, soos die voorsiening van onderrig-leermateriaal vanuit Christelike (Reformatoriese) perspektief.
Besluit: Kennis geneem.

15. Opdrag 15

Om die konsekwensies van die WKGV (Die Wêreldkonferensie vir Godsdiens en Vrede) en die Intergeloofsbeweging se doel, gees en strewe vir die Kerk onder oë te neem en die beginsels vir kerklike optrede daarteenoor te bepaal.

1. Die neiging tot en die gevaar van sinkretisme, godsdiensgelykheid en godsdiensvermenging in die RSA-samelewing, veral soos dit byvoorbeeld in godsdiensonderrig vergestalting kan vind, behoort in die toekoms fyn gemoniteer te word.
2. Dat die unieke aard van die Christelike geloof en die Christelike godsdiens deur alle lidmate, maar ook deur die nuwe Deputate, onomwonde bely sal word in woord en geskrif.

Vir kennisname deur die Sinode

Die Deputate het op die volgende wyses uitvoering gegee aan hierdie opdrag:

1. Vier van die Deputate en verskeie ander persone het meegewerk aan die opstel van ’n handboek oor Lewensoriëntering in die grondslagfase as teenvoeter vir ’n ander publikasies geskoei op intergeloofsbeginsels.
2. Drie van die Deputate is tans betrokke by die ontwikkeling van ’n Gereformeerde kurrikulum vir grade 1-12 (vgl. Bylae B.)
3. Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylae H insake onderwysbeleid rakende godsdiensaangeleenthede in die skole.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbeveling

Hierdie opdrag word voortgesit maar gekonsolideer word met ander opdragte, veral opdrag 14.

Besluit: Kennis geneem.

16. Opdrag 16

Die nuwe Deputate moet Sinodebesluite oor CNO vir kerkrade en ouers kortliks saamvat. Die Deputate se aandag word gevestig op die studiestuk van Klassis Rustenburg oor CNO wat ’n samevatting van Sinodebesluite tot 1988 bied. Die Deputate sou van die studiestuk van Klassis Rustenburg gebruik kon maak en die Sinodebesluite oor CNO van 1991 en 1994 bywerk.

Die Studierapport oor “Merktekens van ’n Christelike skool” wat voor Part. Sinode Oos-Transvaal gedien het, by die samevatting oor Sinodebesluite gevoeg word en tot beskikking van kerkrade gestel word. Hierdie dokument moet indien moontlik voor die beplande landswye Onderwyskongres aan kerkrade gestuur word. Enige ander relevante inligting (leiding) van ander meerdere of mindere vergaderings, wat onder die Deputate se aandag gebring word, kan onder Kerkrade se aandag gebring word.

1. Die nuwe Deputate gee aandag aan die bekendstelling van die inhoud van die dokument.

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylaes E, I, en K, asook van die feit dat die vorige Sinode reeds besluit het om nie verder na CNO te verwys nie maar wel na Christelike onderwys (CO).

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbevelings

1. Die dokument *In die leer te laat onderrig* is in sy huidige vorm op die Internet geplaas, maar dit moet hersien word.
2. Die plasing op die Internet van inligting oor die Deputate se werksaamhede en ander inligting oor Gereformeerde onderwys word voortgesit onder toesig van die nuwe Deputate.
3. Spasie en koppeling in die webruimte van die GKSA word vir hierdie doel beskikbaar gestel.
4. ’n Webmeester word aangewys om (onder andere) hierdie webruimte op ’n deurlopende basis te behartig.
5. Wys iemand aan om die vertaling van dokumente in ander tale as Afrikaans (byvoorbeeld Engels en Frans) te behartig.

Besluit: Kennis geneem.

17. Opdrag 17

Om aandag te skenk aan die onderwyssituasie in Namibië.

1. Die opdrag word gekontinueer.
2. Die nuwe Deputate gee aandag aan toelating tot die PUK, studiebeurse vir onderwysstudente, alternatiewe opleidingstegnieke (afstandsonderrig per satelliet), en ander moontlikhede.

Die Sinode neem kennis van die inhoud van Bylaes L1 en L2.

Vir besluitneming deur die Sinode: Aanbevelings

1. Die opdrag word gekontinueer.
2. Die CO-Deputate en die VCAO behou steeds kontak met mekaar ter wille van die bevordering van die saak van Christelike ouerbeheerde skole in Namibië.
3. Die nuwe Deputate gee aandag aan toelating tot die PUK, studiebeurse vir Namibiese studente (veral onderwysstudente) aan die PUK, bevordering en bekendstelling van alternatiewe opleidingstegnieke (telematiese onderrig) en die vestiging van 'n PUK-studiesentrum in Windhoek.
4. Die nuwe Deputate ondersoek die moontlikheid om "vrywillige Christelike onderwysers" te werf uit die werklose opgeleide onderwysers in Suid-Afrika om die nood van die agtergeblewe gemeenskappe in Namibië te verlig.

Besluit: Kennis geneem.

18. Algemene Aanbevelings

1. Die Deputate versoek om die Kommissie van pre-advies oor die onderwys van die Sinode te ontmoet, ten einde toeligting te gee oor die Rapport.

Besluit: Kennis geneem.

2. Die opdragte word gekonsolideer en verminder sodat die nuwe Deputate sterker kan fokus op prioriteite.

Besluit: Goedgekeur.

3. Daar word weer Deputate aangewys met die volgende opdragte:

3.1 Om in artikels en publikasies leiding te gee oor die beginsels en praktyk van Christelike onderwys, veral in die lig van die huidige omstandighede in Suid-Afrika. Hierdie artikels en publikasies word bekend gestel deur skrywes aan kerkrade, in Die Kerkblad en op die Internet. Laasgenoemde word gedoen in konsultasie met die Administratiewe Buro en ander deputategroepe wat gemoeid is met die ontwikkeling van 'n tuisblad vir die GKSA. Die onderskeie besluite van die verskillende Partikuliere en Nasionale Sinodes wat ter sake is, asook hierdie Sinode se opdragte aan die deputate, kan ook op hierdie manier bekend gestel word.

3.2 Om die onafhanklike skole-inisiatief, wat reeds sterk momentum begin kry, te ondersteun deur:

3.2.1 met die betrokke organisasies in die RSA en Namibië (ARSO, BCVO, VCHO, VCAO, Akademie vir CVHO, ens.) te skakel

3.2.2 desnoods verteenwoordigers van hierdie organisasies as deputatelede te betrek

3.2.3 kerke in te lig oor hierdie bewegings en die implikasies daarvan vir die nakom van die doopbelofte, die toepassing van KO art 21, Sondag 37 van die Heidelbergse Kategismus en betrokke sinodebesluite

3.3 Om met ander kerke in IKOO-verband saam te werk. Met meewerkende kerke word steeds bedoel kerke met 'n Gereformeerde belydenis.

3.4 Om deskundiges te koöpteer vir kurrikulering en onderrigmateriaal om lesmateriaal en handboeke vanuit Gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing te skryf.

3.4.1 Om met ander instansies wat reeds besig is met hierdie saak hierby te betrek.

3.4.2 Hoë prioriteit moet gegee word aan die ontwikkeling van lesmateriaal vir godsdiensonderwys/lewensoriëntering.

3.4.3 Dat werk van hierdie Deputate onder die aandag gebring word van kerkrade, lidmate en moontlike medewerkers in die lig van KO, art.21.

3.4.4 Dat die Deputate leiding bied aan Christenonderwysers ten einde hierdie lesmateriaal te implementeer.
3.4.5 Om by die ontwikkeling van bogenoemde materiaal ondersoek te doen van die moontlikheid van afstands- en tuisonderrig om die lesmateriaal ook by afgeleë punte te besorg.
3.5 Om aandag te skenk aan die onderwyssituasie in Namibië, Zimbabwe, Zambië en Malawi (verkieslik deur die koöptering van deputatelede uit elke land indien moontlik). Hulp aan voormemende studente aan die PU vir CHO moet ook aandag kry.
3.6 Om nuwe wetgewing oor onderwys wat uitgevaardig word te beoordeel, en leiding aan kerkrade, ouers, en onderwysers te gee oor hoe om in die lig daarvan steeds doeltreffend te handel in belang van Gereformeerde onderwys. Die unieke aard van die Christelike geloof en - godsdiens moet steeds in woord en skrif bely word. Ouers moet aangemoedig word om dit te doen ook deur deelname aan die aktiwiteite van Gereformeerde of Christelike ouer- en onderwysersverenigings.
3.7 Die nuwe Deputate word versoek om hulle opdragte (soos ontvang van Sinode 2000) op 'n bevatlike manier aan die kerke bekend te stel in 'n artikel in *Die Kerkblad*.

Besluit: Goedgekeur.
4. Begroot vir reiskoste van Deputate.
Besluit: Goedgekeur.
5. Begroot R1 500 vir die bedryfskoste van die Deputate (drukwerk, fotokopiëring, telefoon en dies meer.)
Besluit: Goedgekeur.

F. AANVULLENDE RAPPORT

1. Aanvullend tot die verslag oor Opdrag 2 (Bylae L) van die Rapport

1.1 Die volgende organisasies het skriftelike antwoorde oor hulle grondslag, doel, aard en werksaamhede verstrek: die Akademie vir CVHO, ARSO, die BCVO, die VCHO en die VCAO.
1.2 Die volgende is 'n opsomming van die inligting wat ontvang is:

Naam	Stigting	Doel	Grondslag	Gerigtheid
ACVHO Akademie vir Christelik-volkseie Hoër Onderwys	1996	Die wetenskaplike en vakkundige opleiding van Boere-Afrikaners en beoefening van wetenskap in al sy geledinge volgens die Calvinistiese weten-skapsbeskouing; Die bevordering en beskerming van Afrikaans as uitdrukking van die wese van die Boere-Afrikanervolk en as wetenskapstaal *[saamgevat]*	Die Woord van God volgens Calvinisties-gereformeerde leer, soos die Sinode van Dordtrecht dit in die Drie Formuliere van Eenheid saamgevat het. In die dokument wat ontvang is, word ook by dié punt verwysings gegee na die Godgewilde volksplanting en rentmees-terskap van die Boere-Afrikanervolk *[saamgevat]*	Onafhanklike tersiêre onderwys binne Boere-Afrikaner volksverband met Calvinistiese inslag

ARSO Aksie Reformatoriese (Gereformeerde) Skoolonderwys	1981	Die bevordering van Gereformeerde skoolonderwys en die daarstelling en uitbouing van Gereformeerde skole	Die Ou en Nuwe Testament as die Woord van God en die volkome leer van saligheid, soos uitgedruk in die Drie Formuliere van Eenheid	Onafhanklike skole onder ouerbeheer op Gereformeerde grondslag. Veral op GKSA-lidmate gerig
BCVO Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys	1989/ 1993	Om Calvinisties Protetstants gereformeerde Boerevolkseie vrye onafhanklike verbondsouer-skole met die Bybel op te rig	Calvinisties Protestants gereformeerd volkseie; onderwys binne verbonds-verband en binne volksverband *[word volledi ger in 'n dokument uiteengesit]*	Onafhanklike skole binne Boere-Afrikaner volksverband met Calvinistiese inslag
VCAO Vereniging vir Christelike Afrikaanse Onderwys	1991	Die verskaffing, binne Afrikanerkultuur-verband, van pvoeding en moedertaalonder-rig op 'n Christelike grondslag; en die bedryf en onder-steuning van inrigtings ter verwesenliking daarvan	Christelike grondslag, binne die breë belydenis van die Calvinisme.	Onafhanklike skole in Namibië as alternatief op die regeringskole, met hulle sekulêre en Engelstalige inslag.
VCHO Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys	1949	Om Christelike opvoeding, Christelike onderwys en Christelike wetenskap Bybels-Reformatories te bevorder en om te ywer vir die skrapping van die 'Gewetens-klousule' van die Onderwyswetboek af	Die Calvinistiese Hervorming: Die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele	Bevordering van Christelike verbondsop-voeding, -onderwys en wetenskap oor die algemeen binne Afrikanervolksverband

Kommentaar

- In bostaande uiteensetting is sover moontlik gehou by formulerings wat die bewegings self verskaf het.
- Al bogenoemde bewegings, buiten die VCHO, is by **onafhanklike (privaat) onderwys** betrokke. Die ACVHO is spesifiek by tersiêre onderwys betrokke. Uit die volledige antwoorde blyk dit dat die VCAO ook by afstands- en tuisonderwys betrokke is en dat ARSO die moontlikhede daarvan ondersoek.
- **Ouerbeheer** (op grond van die verbond) word sterk beklemtoon. Dit kom voor (uit die res van die antwoorde wat verstrek is) dat bewegings met skole hoofsaaklik 'n samesnoerende funksie vervul en dat elke skool selfstandig onder ouerbeheer staan.

- In die praktyk is al die bewegings op onderwys binne die **Afrikaanssprekende gemeenskap** gerig. Afrikaanswees (of Afrikanerwees) word op verskillende maniere deur die onderskeie bewegings omskryf. Sommige organisasies veronderstel waarskynlik dat Calvinisme en Christelike onderwys tot blanke Boere-Afrikaners beperk kan/moet word. ARSO is prinsipieel oop vir persone/skole van ander bevolkingsgroepe.
- Al die bewegings wil binne die **Gereformeerd/Calvinistiese tradisie** beweeg. Die VCAO is baie algemeen gereformeerd, terwyl daar by ander bewegings binding is aan die Drie Formuliere van Eenheid. ARSO verwys nie na Calvinisme nie, maar uitsluitlik na die Gereformeerde belydenis (Drie Formuliere van Eenheid).
- Met die uitsondering van die VCAO funksioneer al die bewegings **in die RSA**.
- ARSO en die VCHO het reeds **voor 1990**, toe grootskaalse veranderings in die onderwys begin het, beslag gekry. Die ander bewegings wil veral 'n **alternatief op nuwer ontwikkelings** in die onderwys bied.
- Uit die volledige antwoorde blyk dit dat die VCHO en ARSO aktief werk aan die ontwikkeling van 'n **Gereformeerde kurrikulum**.
- By al bogenoemde bewegings is **lidmate binne die GKSA** betrokke en in al die verenigings neem lidmate op die hoogste vlak (hoofbestuur/direksie/raad) leiding.

1.3 Die Sinode se aandag word spesifiek gevestig op spesifieke sake wat deur die bewegings onder Sinode 2000 se aandag gebring word (antwoord op vraag 18 van die Deputate se vraelys aan die bewegings), naamlik:
- Die behoefte aan 'n forum vir onafhanklike skole wat naby aan mekaar staan en dat iemand daarin die leiding moet neem (VCAO)
- Die gevaar wat die vier opsies vir godsdiensonderwys en Kurrikulum 2005 aan die openbare skole vir gereformeerde verbondsouers inhou, omdat dit hulle aan die slaap kan sus (VCHO).

Die BCVO het in September 1999 'n ontmoeting met die Deputate aangevra, wat op eersgenoemde se versoek uitgestel is tot na Januarie 2000, wanneer die nuwe Deputate vir Christelike Onderwys aangewys is. Die Akademie vir CVHO het vir Oktober 1999 'n ontmoeting met die Deputate aangevra. Oor hierdie ontmoeting kan nie in hierdie Rapport verslag gedoen word nie.

Die Deputate is daarvan bewus dat leiding aan die Sinode gegee moet word oor die betrekkinge met al hierdie rolspelers op die terrein van die onderwys. Daar is veral twee redes waarom leiding nie op hierdie stadium gegee kan word nie. Enersyds is die inligting oor die verskillende instansies te laat ontvang om nog behoorlik deur 'n vergadering van die CO-Deputate te laat oorweeg. Andersyds was die Deputaat wat met hierdie opdrag belas was, self verbonde aan een van die organisasies.

Om hierdie rede word **aanbeveel** dat die Sinode self deur Kommissies sekere sake nagaan, en verder dat aan die nuwe Deputate opdrag gegee word om 'n meer grondige evaluering van die bydraes van die verskillende organisasies te doen. Op hierdie stadium kan die Deputate slegs die mening lug dat daar vraagtekens bestaan oor die uitgangspunt van sommige van hierdie organisasies om 'n eksklusiewe band te sien tussen Christelike onderwys en die belange van die Boere-Afrikaner. Die nuwe Deputate kan hierdie saak in gesprekke met die betrokke organisasies uitklaar.

Dit word voorts **aanbeveel** dat die Sinode weer eens 'n verteenwoordiger van die onafhanklike skoolgedagte as lid van die CO-Deputate benoem.
Besluit: Kennis geneem.

2. Aanvullend tot die Rapport Opdrag 5
Die IKOO het besluit om aan die Sinodes van die meewerkende kerke **voor te stel** dat die lidmaatskap van die IKOO uitgebrei moet word om ook die historiese "nie-blanke" kerke van die bestaande drie

meewerkende kerke in te sluit. Indien die Sinode hierdie gedagte goedkeur, sal verteenwoordigers van die Sinodes Middellande en Soutpansberg genooi word om ook lid te word van die IKOO. Hierdie samestelling van die IKOO sal gehandhaaf word totdat hierdie twee Sinodes op 'n ander manier struktureel deel van die GKSA word.

Die IKOO oorweeg tans die gedagte om sy lidmaatskap ook uit te brei na ander kerke wat op dieselfde belydenis staan, naamlik die Drie Formuliere van Eenheid. Voorstelle in hierdie verband kan in die toekoms op die tafel van die Sinode geplaas word.
Besluit: Kennis geneem.

3. Aanvullend tot die Rapport Opdrag 14
Sedert die samestelling van die Rapport het die IKOO indringende samesprekings met verskillende rolspelers en partye gehou oor die wyse waarop godsdiensonderwys voortaan in die skole behartig moet word. Ten tye van hierdie Aanvullende Rapport is die finale riglyne oor godsdiensonderwys in die skole nog nie deur die Minister van Onderwys gepubliseer nie.

Intussen is die Deputate, veral in die persoon van die voorsitter, deur verskillende Klassisse en Partikuliere Sinodes genader oor die moontlikheid om handboeke vir die doel van Kurrikulum 2005 en die Gereformeerde godsdiensonderrig in die skole te voorsien. Soos in die Rapport vermeld is daar 'n hele aantal instansies wat tans aan besig is met die skryf van handboeke vir hierdie doel. Die pogings is egter nie saamgesnoer nie, en daar is selfs blyke van onderlinge mededinging. Omdat ons vanuit Gereformeerde oortuiging nie handboeke vir die skole kan voorsien nie, gebruik onderwysers, veral diegene wat nie aan die fasiliteringseise van Kurrikulum 2005 kan voldoen nie, sommer enige handboek wat op die mark beskikbaar is, en bly Christelike vakonderrig noodwendig in die slag.

Dit word derhalwe **aanbeveel** dat die Sinode 'n spesiale **Kommissie vir Christelike Skoolhandboeke (onder andere vir godsdiensonderwys)** aanwys, en die Kommissie voorsien van die nodige fondse (R100 000 blyk 'n realistiese begroting vir die volgende drie jaar te wees) om daadwerklik aandag te gee aan die skryf van Christelike (reformatoriese) skoolhandboeke, veral ook vir godsdiensonderwys in die skole. Hierdie Kommissie kan dan die nodige tyd en kundigheid inkoop ten einde hierdie opdrag met die nodige dringendheid af te handel. Die Kommissie kan in die proses saamwerk met soortgelyke Kommissies van ander kerke en organisasies. Die erns van hierdie saak kan nie oorbeklemtoon word nie, en ook nie die dringendheid daarvan om fondse vir hierdie doel te voorsien nie. Daadwerklike pogings sal aangewend moet word om die nodige fondse vir hierdie projek te vind, hetsy deur skenkings, ramings of die betrokkenheid van borge.

Dit word voorts **aanbeveel** dat die te benoeme Kommissie aandag sal skenk aan die moontlikheid van afstandsonderrig, desnoods in samewerking met die Open Learning Academy, Nasionale Kolleges of 'n ander soortgelyke instansie, met die oog op die bereiking van leerders in afgeleë dele van ons land. Die Klassis Ladybrand het die noodsaaklikheid hiervan baie duidelik vir die Deputate onderstreep: die platteland is besig om te ontvolk, veral wat histories blanke skole betref, en daarmee word dit onmoontlik om Christelike skole aan die gang te hou. Afstandsonderwys mag 'n oplossing vir hierdie probleem wees.
Besluit: Fondse word bewillig nadat 'n uitvoerbaarheidstudie oor die lewensvatbaarheid van die projek aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê is vir die daarstelling van onderrigmateriaal.

18.2 RAPPORT DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS : PU VIR CHO (Artt.71, 216, 217)

A. Ds. J.H. Howell stel die Rapport.
B. Die Voorsitter stel die Rektor van die PU vir CHO, prof. C.J. Reinecke, aan die woord.
C. Dr. F.R.P. de Bruyn rig 'n woord van dank aan die Rektor en laat hom Psalm 20:1, 2, 4 toesing.
D. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Jeug en Onderwys.
E. Ds. P.H. Fick stel die Kommissierapport.

F. RAPPORT

1. Opdrag
Acta 1997:485, 3.1 tot 3.6.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem
2.1 *Algemeen*:
U Deputate het gereeld in Potchefstroom vergader en op 'n deurlopende basis gesprekke gevoer met verskillende partye wat 'n rol speel by die PU vir CHO oor die handhawing en die uitbou van die Christelike karakter van die PU vir CHO. Daar is verskeie gesprekke gevoer met prof. Reinecke, die rektor van die PU vir CHO, asook met Gereformeerde studenteleiers op die studenteraad en huiskomitees. Gesprekke is ook gevoer met proff. Albert Viljoen (vise-rektor van die PU vir CHO), Louw van Wyk, P.G.W. du Plessis, mnr. Theo Cloete (skakelafdeling van die PU vir CHO), asook met proff. Hannes van der Walt en Kobus Mentz (CO-Deputate van die GKSA). Hierdie onderskeie gesprekke het in 'n groot mate aan die Deputate help rigting gee in die uitvoering van hulle opdragte soos deur Sinode 1997 aan hulle opgedra. Gedurende Mei 1998 het u Deputate 'n skrywe van dr. B.J. de Klerk ontvang insake sy onttrekking van die Deputategroep na sy bevestiging as professor aan die TSP. U Deputate het besluit om nie iemand in sy plek op die Deputategroep te koöpteer nie. Dr. Callie Coetzee is onderling deur u Deputate as voorsitter van die Deputategroep aangewys.
Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Uitvoering van opdragte soos vasgestel deur GKSA Sinode 1997*
2.2.1 Opdrag 1
Om die Christelike-reformatoriese karakter van die PU vir CHO sover moontlik te bevorder en om Gereformeerde ouers aan te moedig om hulle kinders na die PU vir CHO vir verdere studie te stuur (Acta 1994:403).
Besluit: Kennis geneem.
2.2.1.1 Sake voortvloeiend uit gesprekke met Rektor en studenteleiers
Daar is op verskeie geleenthede deur u Deputate gesprekke met die rektor van die PU vir CHO, asook met Gereformeerde studenteleiers op die Studenteraad en Huiskomitees, gevoer rondom die karakter van die PU vir CHO, asook oor alle relevante sake wat die verhouding tussen die universiteit en die kerke kan raak. Die sake waaraan aandag gegee is tydens hierdie gesprekke, is die volgende
2.2.1.1.1 Wat die Christelike karakter van die PU vir CHO betref
* Volgens studenteleiers vat die eiesoortige Christelike karakter van die PU vir CHO grond in sekere vakgebiede soos Kommunikasiekunde en die Natuurwetenskappe. Soms word daar egter van "buite" persone (bv. uit die Filosofie) gebruik gemaak om die Christelike perspektief binne 'n vakgebied te gee. Die probleem is steeds dat die perspektief nie vanuit die vakgebied self nie, maar van buite af ingedra word. In die vakgebied Regte (veral nagraads) kom daar volgens studente niks tereg van die Christelike karakter nie. Studente uit sommige van die ander studierigtings is van mening dat, wat die Christelike

karakter betref, dit vir hulle om ‘t ewe sou wees om aan enige ander universiteit te studeer.

* Die Rektor van die PU vir CHO het erken dat die Christelike wetenskap in baie vakke nie behoorlik grondvat nie. Daarom word daar tans deur die PU vir CHO baie meer doelgerig en volgens ’n plan gewerk om die Christelike onderrig doelbewus in alle vakgebiede in te dra en te laat grondvat. In die verlede is daar nie doelbewus genoeg erns hiermee gemaak nie. Die PU vir CHO het deeglike introspeksie gedoen en selfs ’n vraelys deur alle nagraadse studente en personeel laat invul om te sê in hoe ’n mate hulle ervaar dat die Christelike karakter in die onderskeie vakgebiede grondvat. Uit hierdie vraelyste was dit duidelik dat hieraan veel meer aandag gegee moet word. Die PU vir CHO het dit homself ten doel gestel om ’n konstruktiewe plan op te stel om grootliks in hierdie verband te verbeter en het self ondersoeke hieroor gedoen:
  ** Daar is ’n verslag opgestel deur ’n aantal professore aan die PU vir CHO.
  ** Die professore van die Teologiese Skool het ’n eie studie gedoen en ’n verslag opgestel.
  ** Die PU vir CHO het verder ’n onafhanklike internasionale evaluering laat doen.

Bevinding:

Uit al die bovermelde verslae was dit duidelik dat die Christelike karakter nie behoorlik in die vakwetenskappe grondvat nie. Die groot probleem is steeds dat die Christelike nie vanuit die onderskeie vakwetenskappe ontgin en ontdek word nie, maar van buite af ingedra word.

Die Rektor van die PU vir CHO het u Deputate verseker dat daar daadwerklik opgetree word om hierdie probleme hok te slaan. Die volgende optrede word in die vooruitsig gestel:

* Dat spesifieke regulatoriese aspekte wat die beskouing oor en van ’n vakwetenskap beïnvloed, vir elke vakwetenskap geïdentifiseer sal word. Vanuit daardie vasgestelde aspekte moet die Christelike wetenskap vir elke vakgebied “oopgemaak” word. Die Rektor is van mening dat hierdie spesifieke aspekte in elke vakgebied aanwesig is en vanuit die wetenskap self uitgehaal moet word. Só sal daar vanuit die wetenskap self apologeties (Christelik) te werk gegaan kan word. Die vakgebied moet homself dus ook deeglik vergewis van sy eie vertrekpunte (vergelyk die “ensiklopedie” van die teologiese vakwetenskap).
* Die PU vir CHO beoog om in die toekoms volgens ’n program op te tree waarvolgens mense uit verskillende vakgebiede saamgetrek sal word om hierdie belangike saak te inisieer en op ’n gereelde basis te moniteer. Daarvoor het die universiteit ’n taakgroep saamgestel om ’n missie uit te werk rondom sy Christelike wetenskap en oor die wyse waarop hierdie missie behoort deur te werk na die onderskeie vakgebiede.
  ** U Deputate het ’n brief aan die kerke gestuur waarin lidmate ingelig is oor die belangrikheid daarvan dat hulle kinders aan die PU vir CHO kom studeer.

Besluit: Met dank kennis geneem dat die Deputate die probleem dat die Christelike wetenskap in baie vakke nie behoorlik grondvat nie, geïdentifiseer en aangepak is.

2.2.1.1.2 Wat Korpsraad betref

Sekere charismatiese strominge (na gelang van die wisseling in die studenteraad) raak van tyd tot tyd betrokke by Korps. Korps word (verkeerdelik) deur sommige studente beskou as ’n liggaam wat selfstandig behoort op te tree waar (volgens hulle mening) “predikante” en “die kerk” nie kan help nie.

Uit gesprekke met die studenteleiers het die volgende na vore gekom:

* Korps figureer feitlik glad nie op grondvlak nie.
* Geen voorvereiste word gestel voordat ’n persoon op Korps se bestuur mag dien nie. (’n Ateïs kan argumentsonthalwe die voorsitter van Korps word.)
* Korps tree bloot reaktief op en is geneig tot moralisering. Daar bestaan ‘n gebrek aan leidinggewende koersaanwysing vanuit ’n vaste beginselbasis.

- Die aangewese SR-lid van Korps bepaal in 'n groot mate die rigting wat Korps jaarliks inslaan.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.1.1.3 Wat die studentelewe aan die PU vir CHO betref

Gereformeerde studente kom selde sterk na vore (in leiersposisies). Dit blyk dat daar 'n groot gebrek aan roepingsbesef by baie van ons studente bestaan. (In 1998 was 12% studente wat aan die PU vir CHO studeer het, lidmate van die GKSA.)

- U Deputate het oor die gebrek aan roepingsbesef 'n versoek tot *Die Kerkblad* gerig om 'n tema-uitgawe rondom "Roeping" asook 'n tema-uitgawe rondom die PU vir CHO uit te gee. *Die Kerkblad* het tydens 1998 sodanige artikelreeks geplaas. Die Rektor van die PU vir CHO het groot waardering uitgespreek vir hierdie *Kerkblad* waarvan die inhoud grotendeels artikels oor die PU vir CHO bevat het.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.1.1.4 Wat die uitleef van Christenskap in die studentelewe betref

Studente is onseker oor hoe hulle die Christelike in die praktyk van die studentelewe tot vergestalting kan en moet bring. Sogenaamde godsdiensweke (wat in die verlede ingestel is) is afgestel en huiskomiteelede se portefeuljes oor godsdiens is gewysig. Studente mis leiding van die kant van die universiteitsowerhede om die Christelike in die praktyk van die studentelewe in te dra en toe te pas. Die idee bestaan by sommige studente dat die Christelike tot die lesingsaal beperk bly en nie oorvloei in die praktyk nie, omdat daar vrese bestaan dat daar op ander (nie-christelike) groepe se tone getrap kan word.

Die Rektor van die PU vir CHO het as volg hierop gereageer:

* Die taak van die PU vir CHO is op die terrein van die wetenskap. Die grondslae, betekenis en impak van die wetenskap moet vanuit die Christelike perspektief verstaan word. Daar bestaan tans groot veranderinge in die wêreld in wetenskapsleer, veral danksy die stroming van die postmodernisme wat "de novo" oor alles wil dink. Van die kerke op die kampus wou missionêr op die kampus begin optree en het van die universiteits-owerhede verwag om hulle hierin te ondersteun. Die wyse waarop sommige kerke op die kampus begin optree het, het spanning gebring met die universiteitsowerhede. Die kerke wou (soos die Rektor dit stel) indring in die opvoedkundige funksie van die universiteit deur van die universiteit te verwag om die werk van die kerke oor te neem. Daarom wou die universiteit nie toelaat nie dat godsdiensweekaksies gereël en aangebied word asof dit deur die universiteit gereël is. Van die kerke het byvoorbeeld van die universiteit verwag om sekere sake te sanksioneer deur bv. op Hemelvaart eredienste te reël. Die universiteitsowerhede wou dit egter nie toelaat nie. Gevolglik het daar 'n mate van verwydering gekom tussen die universiteitsowerhede en sommige leraars.

* Onder die studente is daar tans 'n groot oplewing in religieuse gevoel, maar buite die sogenaamde "tradisionele kerke". Onder baie studente is daar 'n al groter wordende erns oor godsdiens. Tog ontstaan die volgende probleem: Gefundeerde Gereformeerde (daarby word ook ingesluit NG en Hervormde) lidmate stuur hul kinders juis na die PU vir CHO toe weens sy Christelike Gereformeerde karakter en hierdie kinders "verdwaal" soms deur bv. weer (groot) gedoop te word en uit die bestaande kerke oor te loop na die charismatiese kerke toe. Ouers neem die universiteitsowerhede baie kwalik wanneer dit gebeur. Wat duidelik is, is dat daar op studente groot druk is vanuit die "algemene" Christendom om van hul Gereformeerde grondslag af te wyk (veral by studente by wie daar erns oor hul geloof bestaan).

* Uit bogenoemde kan die volgende afgelei word:

** Kerke moet aanvaar dat die universiteit nie 'n kerk is nie.

** Is daar nie onderliggend 'n probleem by plaaslike kerke en ouerhuise nie? Wat gebeur tydens die kategese van ons kinders?

** Soos studente beweeg van eerstejaarsvlak na nagraadse studies, word al meer oorgegaan van onderrigvlak na die navorsingsvlak. Die vrae by studente verskuif al meer van lewensvrae na wetenskaplike vrae. Ouer studente "verdwaal" nie so maklik kerklik soos jonger studente nie.

Besluit: Kennis geneem en verwys na Klassis Potchefstroom om aan die probleem aandag te gee.

2.2.1.2 Propagering van die PU vir CHO

Die PU vir CHO wil sy reklame na die Christelike gemeenskap neem, aangesien hulle die PU vir CHO beskou as 'n nismark-universiteit wat juis Christenstudente wil trek. Daarom het die PU vir CHO onderneem om jaarliks reklamemateriaal beskikbaar te stel aan elkeen van die kerke binne die GKSA. Kerkrade word aangemoedig om in elke gemeente 'n ywerige en entoesiastiese kontakpersoon te identifiseer aan wie hierdie inligting deurgegee kan word. Hierdie persoon kan dit dan weer onder die aandag van voornemende studente bring.

* Die Deputate het ook 'n skrywe aan *Die Kerkblad* gerig waarin hulle versoek word om elke jaar teen Oktobermaand 'n artikel te plaas waarin voornemende studente aangemoedig word om aan die PU vir CHO te kom studeer.
* Die PU vir CHO het 'n blad op die Internet. Hierdie bladadres is deurgegee aan *Die Kerkblad* vir plasing.
- U Deputate het dit ook onder die aandag van die Rektor van die PU vir CHO gebring dat daar onder die Venda- bevolkingsgroep die moontlikheid van sterk Christen-studente vir die toekoms bestaan. Werwing onder hulle kan vorentoe mooi vrugte oplewer.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.1.3 Afstandsonderrig (telematiese onderrig) deur die PU vir CHO

In die afstandsonderrig kom die karakter van die PU vir CHO soos vergestalt in Wetenskapsleer en die etiese skynbaar nog nie so eksplisiet deur nie. Hieroor is daar met proff. Albert Viljoen en Louw van Wyk 'n gesprek gevoer rondom telematiese onderrig waarop die volgende inligting na vore gekom het:

* Die PU vir CHO het besef dat hy nie 'n stedelike universiteit is nie en daarom wyer sal moet werk as binne 'n afgebakende gebied. Daarom is besluit om aan die wyer gemeenskap in die land 'n diens te lewer. Daar bestaan 'n groot vraag na hoër onderrig wat veral in voortgesette onderrig gaan toeneem. Die mededinging tussen universiteite om studente te werf, gaan in die toekoms al feller word.
* Die wyse van kennis-oordrag gaan in die toekoms baie verander. Die onderrig is nou meer uitkomsgebaseer en nie meer onderriggedrewe nie. Daar is nou heelwat minder kontaktyd met studente as in die verlede nodig (25% kontaktyd teenoor die verlede). Kennisvaardighede is nou van groter belang as feitekennis. Die wyse van bronnebenutting deur uitkomsgebaseerde onderwys maak dat groter uitsette met beperkte bronne verkry kan word.
* Die PU vir CHO se bestuurspan het die geleentheid van telematiese onderrig vroegtydig raakgesien en begin benut. Hulle het as gevolg daarvan 'n leidende rol hierby in die land begin speel. Nadat hulle spesifieke "noodareas" geïdentifiseer het, het hulle kursusse ontwikkel sodat daar binnekort ongeveer 12 verskillende kursusse is wat met afstandsonderrig aangebied sal word. Mense wat voorheen nie kon studeer nie (die koste daaraan verbonde), kan nou vir bykans 'n kwart van die normale koste van 'n kursus inskryf en oor afstand studeer. Daar word tans gebruik gemaak van interaktiewe studiegidse; studiesentrums met fasiliteerders (veral in afgeleë gebiede); video-aanbiedings wat met studiemateriaal geïntegreer word; kursusse wat op CD-rom versprei word.
* Kursusse word hoofsaaklik deur PU dosente ontwikkel en voorberei. Bedryfsetiek (Wetenskapsleer) is dus 'n geïntegreerde deel van die meeste van die kursusse, alhoewel hierdie aspek in die toekoms nog beter uitgebou kan en sal word.

* Proff. Viljoen en Van Wyk onderneem om voortdurend inligting oor telematiese onderrig deur te gee aan die Deputate wat op hulle beurt hierdie inligting aan die kerke kan beskikbaar stel.
* Daar bestaan die geleentheid vir kerke om "lugtyd" (wat vir o.a. telematiese onderrig gebruik word) te koop (bv. ter wille van Woordverkondiging vir afgeleë gebiede) teen R3 600 per uur.
* Een van die kursusse wat aangebied gaan word, is BA Teologie. Daar bestaan tans verskeie kolleges (14 in SA self) wat graag hulle kursusse by die PU vir CHO wil laat akkrediteer. Dit bied 'n wonderlike geleentheid om die Reformatoriese leer te kan uitdra. Waar baie ander universiteite hul verbintenis met die Teologie probeer afskaal, is die PU vir CHO egter van mening dat hulle hul verbintenis met die Reformatoriese Teologie in die toekoms gaan vergroot.
* Prof. Viljoen het 'n inligtingstuk verskaf rondom die sogenaamde telematiese onderrig wat in *Die Kerkblad* gepubliseer is.
* Die moontlikheid bestaan dat kerke in die toekoms ook al meer van die kundigheid van die universiteit kan en behoort te benut, aangesien kerkgeboue al meer gebruik sal word as sentrums wat die Christelike lewenswyse propageer en uitdra.
    ** Die inligting rondom telematiese onderrig van die PU vir CHO het reeds in *Die Kerkblad* verskyn. Hierdie inligting kan ook in die toekoms in skrywes aan die kerke deurgegee word.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.1.4 Vakatures Raad van die PU vir CHO en ander senior personeel

- Vakatures vir ministeriële aanstellings op die Raad van die PU vir CHO word in die bekende dagblaaie bekend gestel. Die Registrateur van die PU vir CHO het ná 'n versoek van u Deputate om hierdie inligting in *Die Kerkblad* bekend te stel, besluit om nie daarin te adverteer nie.

Besluit: Kennis geneem. Die saak moet weer met die PU vir CHO opgeneem word.

2.2.1.5 Konvokasie van die PU vir CHO

* Daar is 'n versoek gerig tot die Gereformeerde Kerke Cachet, Noordbrug, Potchefstroom en Potchefstroom-Noord om afgestudeerde graadstudente saam te roep en aan te moedig om by die Konvokasie van die PU vir CHO aan te sluit.
* Uit 'n gesprek met prof. Pieter Stoker (vorige President van die Konvokasie) het die volgende sake na vore gekom:
    ** 'n Mosie is deur u Deputate by die Registrateur ingedien waarvolgens die jaarvergadering versoek is om 'n bestuur te verkies wat dinamies optree en gereeld vergader sodat die behoud en die uitlewing van die PU vir CHO se karakter bevorder kan word. Hierdie mosie is behandel en deur die Konvokasie in sy geheel aanvaar.
    ** Op grond van hierdie gesprek het prof. Stoker 'n artikel oor die Konvokasie vir *Die Kerkblad* geskryf.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.1.6 Kontak met die kerke rondom die saak van die PU vir CHO

* U Deputate het 'n brief opgestel rondom alle sake rondom die karakter van die PU vir CHO wat aan al die kerke gestuur is. Dit vestig die aandag op alle sake wat in die verlede moontlik verwydering tussen die PU vir CHO en die kerke kon bring. Daarteenoor is gestel wat alles gedoen word om die karakter van die PU vir CHO te behou. Kerke is aangemoedig om betrokke te bly en te word by die saak van die PU vir CHO.
- U Deputate het 'n brief uitgestuur aan die ouers van potensiële Pukstudente (ouers wie se kinders in std. 9 en 10 is) waarin hulle aangemoedig word om by die PU vir CHO te studeer sodat die karakter van die PU vir CHO behoue bly.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.1.7 Studie gedoen oor waarom studente aan die PU vir CHO kom studeer

* Die PU vir CHO doen gereeld 'n studie oor waarom studente aan die PU vir CHO kom studeer. Mnr. Theo Cloete (Skakelafdeling van die PU vir CHO) het 'n studiestuk wat onlangs vrygestel is en wat die Deputate in 'n gesprek met hom bespreek het. Die volgende sake het na vore gekom:
  ** Die PU vir CHO se "andersheid" in belangrike sake moet duidelik uitgelig en na buite gekommunikeer word.
  ** Die PU vir CHO is 'n nismark-universiteit wat as sodanig na buite toe bemark word. Die PU vir CHO vertoon baie kenmerke van 'n familiebesigheid. Ouers van toekomstige studente speel 'n groot rol daarin dat hul kinders ook aan die PU vir CHO kom studeer.
  ** Ná wetenskaplike marknavorsing het die studente die volgende as die sterkste redes (in volgorde van belangrikheid) aangetoon oor waarom hulle aan die PU vir CHO studeer:
    (1) Christelike karakter van die PU vir CHO; (2) Afrikaanse onderrigprogram; (3) Hoë gehalte opleiding; (4) Die beste studierigting vir my doel; (5) Min geweldsontwrigting op die kampus.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.1.8 Hoe gaan studente aangemoedig word om steeds in die toekoms Onderwys te studeer?

* Van die kant van die CO-Deputate van die GKSA en die IKOO word daar ook na hierdie saak gekyk. Daar bestaan bekommernis oor die toestand in die onderwys, aangesien baie goeie en ervare onderwysers salarispakette geneem het. Tog is daar (reeds in Julie 1998 gerapporteer) heelwat groter rustigheid in die onderwys. Sommige provinsies het ook minder onrus, deur beter bestuur.
* Die volgende is reeds deur die CO-Deputate van die GKSA gedoen om hierdie tendens te probeer stuit en omkeer: gesprekke is met individue gevoer; vlugskrifte is uitgegee; groepe is hieroor toegespreek; skole word aangemoedig om beurse aan vooraf-geïdentifiseerde studente beskikbaar te stel (oudskoliere).
* By die PU vir CHO het die onderwysstudente se getalle nie gedaal nie, maar die samestelling het demografies verander (veral t.o.v. die na-uurse groepe). Tans is daar ongeveer 70% anderskleurige na-uurse studente. Werwing onder hierdie studente is onnodig, aangesien hulle "vanself" kom. Daar moet dus veral werwing onder blanke Christen-studente gedoen word. Daar bestaan veral 'n probleem om toekomstige kwaliteit blanke onderwysstudente te motiveer en te werf, aangesien hulle skepties en huiwerig staan teenoor die onderwysprofessie. Alle studente wat aan die PU vir CHO gestudeer het, het tot op hede poste gekry. Blanke, Gereformeerde, Christen-studente se getalle het egter geweldig afgeneem en daar is 'n geweldige vraag na die studente van die PU vir CHO.
* Oor die POK kan die volgende vermeld word:
  ** Geen eerste- of tweedejaar studente het sover bekend beurse vir 1998 ontvang nie.
  ** Teen 2002 sal daar nie meer 'n oorskot aan onderwysers in die Noordwes-provinsie wees nie. Hierdie scenario verskil wel van provinsie tot provinsie, maar regoor die land word onderwyskolleges byna na willekeur gesluit. Die gevaar van hierdie optrede is dat daar binne 'n paar jaar weer 'n tekort aan onderwysers sal wees. Gevolglik kan dit gebeur dat daar onderwysers uit lande soos bv. Kuba "ingevoer" word.
  ** Volgens nuwe wetgewing sal onderwyskolleges in die toekoms op dieselfde basis as universiteite gesubsidieer word. Hierdie wetgewing gaan nog groter druk op onderwyskolleges plaas (aangesien hulle in die verlede beter as universiteite gesubsidieer is).

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2 Opdrag 2

Om toe te sien dat die historiese band tussen die PU vir CHO en die Gereformeerde Kerke gehandhaaf word (Acta 1994:403) deur die Partikuliere Sinodes te versoek om die PU vir CHO uit te nooi om Partikuliere Sinodes toe te spreek en inligting te verskaf.

2.2.2.1 Vraelyste deur Deputate aan kerke uitgestuur

U Deputate het 'n vraelys opgestel en aan kerkrade gestuur waarin vrae gevra is om te probeer vasstel wat die kerke se ware gesindheid teenoor die PU vir CHO is. (Kyk volledige vraelys soos as Bylae beskikbaar gestel.)

Die bevindinge en samevatting van die vraelys word as volg aangehaal:

"5. Bevindinge:

1. Die houding van die Gereformeerde Kerke teenoor Christelike onderwys is in die algemeen positief. Die meeste kerke doen ook stappe om Christelike onderwys te bevorder, maar is ook van mening dat nog meer in hiervoor gedoen kan word. Hiervoor het sommige kerke spesifiek gevra hoe dit gedoen kan word. Op hierdie vraag sal die Sinode 'n duidelike antwoord moet verskaf.
2. Die houding van die kerke jeens die ondersteuning van die PU is baie positief. Hierdie toedrag van sake moet nog verder uitgebou word - dit is in belang van die Christelike karakter van die PU, maar ook in belang van die ontwikkeling van die Christelike wetenskap.
3. Dit is duidelik dat die kommunikasie tussen die PU vir CHO en die Gereformeerde Kerke opgeskerp moet word. Die nodige beplanning in die verband lê op die weg van die Deputate.
4. Dit is verder duidelik dat meer inligting oor die werksaamhede, beplanning en uitvoering van die PU vir CHO rondom Christelike wetenskap pertinent aan die kerke beskikbaar gestel moet word. Dit moet veral in 'n vorm wees wat deur gemeentelede verstaan sal word.
5. Die PU moet 'n groter sensitiwiteit/oorlegpleging met die Gereformeerde Kerke ontwikkel oor sekere optredes van die universiteit. Groter oorlegpleging en wedersydse inligting kan verhoudinge bevorder.
6. Die behoefte bestaan by die kerke om nouer bande met die universiteit te hê en dat die kerkrade ook graag sal help om aksies van die universiteit binne hulle jurisdiksie te bevorder.
7. Samevatting:

   Samevattend kan gestel word dat die vrae elkeen afsonderlik 'n bepaalde aspek van die verhouding tussen die universiteit en die kerke toelig, daar is geen hoë verwantskap tussen enige twee vrae gevind nie.

   Verder is dit duidelik dat die konkretisering van bepaalde leemtes op die weg van die Deputate lê om voorstelle hieroor aan die Sinode te doen. Hierdie voorstelle behoort uiteraard vooraf met die PU vir CHO uitgeklaar te word.

   Dit is met dankbaarheid teenoor die Here dat die ondersoek 'n positiewe gesindheid van die kerke oor Christelike onderwys kon vasstel; verder dat die kerke positief teenoor die PU staan. Mag dit deur sy genade geskied dat ons met ons beperkte insig, voorstelle kan formuleer om hierdie toedrag van sake te verbeter tot die verkondiging van sy koninkryk in die primêre, sekondêre en tersiêre onderwys. Ons is dankbare diensknegte in sy hand".

** Hierdie verslag is volledig deurgegee en bespreek met die Rektor van die PU vir CHO.

2.2.2.2 Wyse van skakeling van die PU vir CHO met die onderskeie Partikuliere Sinodes

* U Deputate het geoordeel dat inligting jaarliks deur professore aan die TSP wat die onderskeie Partikuliere Sinodes besoek, tydens hul groeteboodskappe deurgegee moet word. Die Deputate onderneem om hierdie inligting via die PU vir CHO aan die professore beskikbaar te stel, asook om al die onderskeie Part. Sinodes te versoek om hierdie saak as 'n

agendapunt te hanteer. Die Senaat het hierdie versoek goedgekeur en hierdie saak word voortaan op hierdie basis gehanteer.

2.2.2.3 Insake "paneel" uit die PU vir CHO wat kerklike vergaderings kan bywoon om vrae oor die PU vir CHO te beantwoord en inligting deur te gee

* U Deputate het die moontlikheid ondersoek dat sodanige paneellede jaarliks die onderskeie Klassisse kan besoek om sodanige inligting deur te gee. Die Rektor van die PU vir CHO was bereid om 'n paneel name hiervoor beskikbaar te stel. Ná 'n deeglike ondersoek en die opstel van 'n begroting, het u Deputate egter besluit om hierdie saak nie verder te voer nie, aangesien dit ekonomies onhaalbaar is. Daar word volstaan met die inligting wat jaarliks via die professore aan die TSP aan die onderskeie Partikuliere Sinodes deurgegee word.

2.2.2.4 Insake die moontlike uitgee van vlugskrifte

* U Deputate het aanvanklik besluit om vlugskrifte aan die kerke beskikbaar te stel rondom sake soos: Studentelewe aan die PU vir CHO; Christelike wetenskap en die student; Sentrum vir Geloof en Wetenskap; IRS; Is privatisering van die PU vir CHO 'n opsie?; Sonder studente van gehalte sal daar later 'n gebrek wees aan dosente van gehalte; Transformasie by die PU vir CHO; Christen-onderwysers vir die toekoms.
* Die moontlikheid om alle vlugskrifte rondom die PU vir CHO in 'n boekievorm uit te gee, is ook met die Rektor van die PU vir CHO opgevolg.
* U Deputate het egter besluit om af te sien van die vlugskrifte, maar om in die toekoms gebruik te maak van *Die Kerkblad* en ook die moontlikheid te ondersoek om 'n gereelde rubriek in die *Slingervel* te begin waarin jong Gereformeerde lidmate aangemoedig word om aan die PU vir CHO te kom studeer. Prof. P.W. Buys het dadelik werk gemaak van hierdie voorstel van u Deputate. Daar verskyn voortaan op gereelde basis in *Slingervel* 'n rubriek: "O Pukkie, Jy!"
* U Deputate het aan die Redaksiekommissie van *Die Kerkblad* die versoek gerig om 'n staande rubriek (1 keer per maand) in *Die Kerkblad* te laat verskyn oor verskillende aspekte van die kerke se verhouding met die PU vir CHO.

2.2.2.5 Die vorm en formaat van die jaarlikse Promosieplegtigheid van TSP

* Die vorm en formaat van hierdie geleentheid kan moontlik in die toekoms gewysig word. Indien wel, kan dit bepaalde geleenthede aan die Deputate bied om die opdrag van die Sinode uit te voer. Die volgende moontlikheid word in die vooruitsig gestel (wat afhang van die besluit van die Kuratore): Dat hierdie die een geleentheid per jaar sal wees waartydens alle kerke binne die kerkverband versoek sal word om die predikant en 'n ouderling af te vaardig om saam met die Kuratore te vergader. Indien daar jaarliks só 'n geleentheid bestaan, kan die Rektor van die PU vir CHO versoek word om hierdie vergadering toe te spreek en om vrae rondom die PU vir CHO te beantwoord.
* U Deputate het hierdie voorstel aan die Senaat deurgegee ter oorweging, maar het steeds geen reaksie van hulle kant ontvang nie.

2.2.2.6 Skrywe aan al die kerke

* 'n Skrywe is aan die kerke gerig waarin die volledige opdrag van die Deputate CO: PU vir CHO gestel is en dat hierdie Deputategroep die skakel is tussen die kerke en die universiteit. Kerke is aangemoedig om alle vrae en probleme oor die PU vir CHO aan die adres van hierdie Deputate te rig.
* Daar is ook 'n opvolgbrief uitgestuur waarin inligting rondom die PU vir CHO deurgegee is en waarin leiding aan kerke gegee word oor hoe hulle in sake rondom die PU vir CHO kan reageer.

2.2.2.7 Artikel van prof. Bennie v.d. Walt in *Woord en Daad*

* U Deputate het hierdie saak skriftelik met die Rektor van die PU vir CHO opgevolg en wag op hul reaksie (Junie 1999).
* U Deputate het hierdie saak ook met die Kuratore opgevolg.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.3 Opdrag 3

Die CO-deputate bly steeds betrokke by die transformasieproses aan die PU vir CHO om die belang van die kerke daar te bevorder. Die doelwit van hierdie deelname aan die transformasieproses moet wees om alles in werking te stel om te verseker dat die Christelik-reformatoriese karakter van die PU vir CHO nie in die transformasieproses in gedrang kom nie.

2.2.3.1 Die moontlikheid om 'n rolspeler op die BTF te word

* U Deputate moes die saak vir hulself uitmaak of dit nie op hul weg is om 'n gemotiveerde aansoek voor te lê om toegelaat te word om 'n rolspeler op die BTF te word nie.
* U Deputate het twee van die vergaderings van die BTF bygewoon waar dit gehandel het oor die missie en visie van die PU vir CHO.
* Op 14 Augustus 1997 het dr. Coetzee namens u Deputate die Raamwerkdokument van die Transformasie onderteken.
* Tans (Mei 1999) gaan daar nie veel aan by die BTF of by die sogenaamde werkskomitees nie. Die BTF se naam is intussen verander na die Institusionele Forum (IF) wat as raadplegende liggaam die Universiteitsraad moet adviseer oor sekere beleidsbesluite. Dit volg op die Nuwe Nasionale Wet op Hoër Onderwys wat einde 1998 gepubliseer is. Daarvolgens is die BTF opgehef en vervang deur die IF wat bloot 'n adviserende liggaam is wat, indien nodig, later komitees sal aanwys.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.4 Opdrag 4

Om lidmate, kerkrade, die Fakulteit Teologie, die Kuratorium, Teologiese Skool en ander belanghebbendes te versoek om, waar moontlik, aan alle moontlike konsultasie rondom die transformasieproses van die PU deel te neem om te verseker dat die Christelik-reformatoriese karakter van die PU nie in die transformasieproses in gedrang kom nie.

2.2.4.1 Insake die deurgee van inligting

* Kontinuïteit vir die uitgee van vlugskrifte wat jaarliks uitgegee behoort te word, mag nie verloor word nie. Soos: die brief wat jaarliks aan std. 9 en 10 kinders uitgegee behoort te word (vlugskrif ter aanmoediging om aan die PU vir CHO te studeer), moet jaarliks aan kerkrade deurgegee word met die versoek dat die briewe aan sodanige kinders versprei sal word.
* Die Sinode 2000 word herinner aan die kontinuïteit hierin.

2.2.4.2 Skakeling van kerke en lidmate deur elektroniese media soos die Internet

* Die aanbeveling word aan die PU vir CHO gedoen om hul tuisblad op die Internet sódanig in te rig dat 'n persoon vrae kan stel (oor bv. die PUK se karakter) en ook die nodige antwoorde deur hierdie medium kan ontvang.
* U Deputate het *Die Kerkblad* versoek om die PU vir CHO se tuisbladadres te plaas.
- Daar is ook met broeder Van der Dussen in gesprek getree en hy is versoek om artikels wat oor die PU vir CHO in *Die Kerkblad* verskyn, wel op die tuisblad te plaas (aangesien net geselekteerde artikels geplaas word).

2.2.4.3 Kontak met ander Sinodes oor studente aan die PU vir CHO

* U Deputate het skriftelik kontak gemaak met die Sinodes Middellande en Soutpansberg. Die volgende sake is aan hulle gestel: die opdrag aan u Deputate is aan hulle gestel; hulle is versoek om dit te oorweeg om soortgelyke Deputate te benoem om in hierdie saak saam te werk; die moontlikheid is genoem dat 'n professor vanaf die Teologiese Skool hul Sinodes oor hierdie saak gereeld kan toespreek. By monde van dr. Sarel van der Merwe het hierdie Sinodes hierdie versoek net so goedgekeur. Die Deputate vir Christelike Onderwys wat hulle aangewys het, is: di. J.A.M. Letsela (s), O.T. Serobatse, M.A. Modise en prof. T.C. Rabali.
* U Deputate het besluit om vroeg in 1998 met hierdie Deputate samesprekings te voer, asook 'n gesamentlike gesprek met die Rektor van die PU vir CHO te voer waartydens die inligting oor die PU vir CHO wat reeds aan u Deputate deurgegee is, ook by monde van die Rektor aan

hulle bekend gemaak kan word. U Deputate kon uiteindelik daarin slaag om sodanige vergadering met die Sinode Middellande met die hulp van ds. Abel Modise byeen te roep op 25 Junie 1998. Op hierdie gesamentlike vergadering tesame met die Rektor van die PU vir CHO, is daar aan die Deputate van Middellande (u Deputate kon nie daarin slaag om Deputate van Soutpansberg op die vergadering te betrek nie) die geleentheid gegee om hul studente se eiesoortige probleme te bespreek. Sake wat bespreek is:

** Christelike karakter van die PU vir CHO:
   (1) Die Rektor het beklemtoon dat die universiteit die verantwoordelikheid het om sy karakter só uit te leef dat hulle nie kerkisties optree of probeer om die werk van die kerk oor te neem nie.
   (2) Daar word tans méér oor die karakter van die PU vir CHO gepraat as in 'n baie lang tyd. Van die Universiteit se kant af word daar baie erns met hierdie saak gemaak. Die studente dink en praat self ook baie oor die Christelike karakter van die PU vir CHO.
   (3) Die Christelike karakter van die PU vir CHO word duidelik in sy Privaatwet en Statute ingeskryf. Die PU vir CHO wend ook pogings aan om die kultuur van die studente hiermee in ooreenstemming te bring en om in die wetenskapsbeoefening erns te maak met die karakter van die PU vir CHO.
   (4) Daar bestaan die moontlikheid dat die staat nie meer in die toekoms bereid sal wees om 'n teologiese fakulteit te subsidieer nie. Die noodsaak en belangrike rol van hierdie fakulteit is deur die universiteit aan die staat voorgelê en verdedig. Die basis van studente wat hierdie fakulteit bedien, strek baie wyd. Daar word selfs in Londen grade in die teologie aan studente toegeken wat hulle grade deur afstandsonderrig aan die PU vir CHO behaal het.

** Toelating op grond van akademiese prestasie:
   (a) Die studente uit die kerke van Sinode Middellande kan soms deur moeilike lewensomstandighede beswaarlik voldoen aan die akademiese voorvereistes wat universiteite stel. Die PU vir CHO het egter reeds ooreenkomste met sekere Kolleges gesluit waar studente bepaalde oorbruggingskursusse kan loop. Die voordeel van sodanige kursusse is dat studente by die Kolleges kan aanbly en 'n sekere kwalifikasie kan verwerf, al sou hulle miskien nie daarin kon slaag om aan die toelatingsvereistes van die universiteit te voldoen nie.

** Taal:
   (a) Die PU vir CHO se voertaal is Afrikaans, maar Engels word wel geakkomodeer. Eksamenvraestelle kan beantwoord word in die taal waarin die student die gemaklikste is. Daar word nie teen studente gediskrimineer as hulle nie goed Afrikaans kan praat nie. Afstandsonderrig vind slegs in Engels plaas. Die universiteit beweeg ook na die situasie waar na-uurse klasse slegs in Engels aangebied sal word.
   (b) Daar word 'n groot mate van verdraagsaamheid onder studente waargeneem oor taal. Die meeste dosente is ook positief om te help dat die taal nie 'n probleem word nie.
   (c) Daar word tans deur die PU vir CHO moeite gedoen om Tswana ook te omskep as 'n wetenskapstaal.

** Finansies:
   (a) Daar bestaan die moontlikheid van afstandsonderrig vir studente wat dit nie kan bekostig om voltyds te studeer nie.
   (b) Daar is tans min beurse vir enige studierigting beskikbaar. In die natuurwetenskaplike rigting is daar wel 'n effense toename aan beskikbare beurse. Daar is egter geen bestaande beurse vir afstandsonderrig nie. Alle subsidies van die kant van die regering (ook vir afstandsonderrig) word direk aan die universiteit oorbetaal. Dosente word hiermee vergoed.

* U Deputate het 'n kort opsomming van die Deputate CO:PU vir CHO van die GKSA se werksaamhede deurgegee aan die Deputate van Sinode Middellande met die versoek dat hulle sal besin oor die nodigheid en moontlikheid van ('n) toekomstige vergadering(s). Tot op hede het u Deputate geen verdere versoek ontvang van Middellande om weer saam met ons te vergader nie. Verdere kontak sal afhang van hulle inisiatief.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.5 Opdrag 5

Om, indien nodig, alle belangstellendes wat Reformatoriese onderwys voorstaan, byeen te roep.

* U Deputate verstaan onder hierdie opdrag dat dit hier om tersiêre onderwys gaan. Ons het hierdie saak met die Nasionale Sinode GKSA se CO-Deputate opgeneem om seker te maak dat elkeen se terrein behoorlik afgebaken is.
* U Deputate het met prof. P.G.W. du Plessis (hoof van die Sentrum vir Geloof en Wetenskap) (SGW) gesels om te hoor watter instansies/persone/ens. ons almal as "medestanders" kan beskou by die bevordering en uitbou en handhawing van Reformatoriese onderwys.
  ** Volgens prof. P.G.W. du Plessis is dat daar wêreldwyd medestanders wat die saak van Christelike Onderwys ondersteun en bevorder. Die tendens bestaan dat Christelike Onderwys op voorgraadse vlak wel redelike goeie aandag ontvang. Die probleem lê egter op nagraadse vlak. Op nagraadse vlak moet daar nog baie navorsing gedoen word oor Christelike Onderwys in die verskillende wetenskappe. Die moontlikheid om 'n sentrum te stig om intern dosente en studente hierin voor te gaan, en by te staan en om die saak van Christelike Onderwys uit te bou, behoort sterk deur die PU vir CHO oorweeg te word. Die uitdaging bestaan daarin dat die navorsing daarop gerig moet wees om die Christelike Onderwys met die vakbeoefening te integreer. Nagraadse studente sal spesifiek vir hierdie studieveld gewerf moet word.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.6 Opdrag 6

Om aandag te gee aan die toelating van studente uit Namibië tot die PU vir CHO, studiebeurse vir onderwysstudente, alternatiewe opleidingstegnieke vir tersiêre opleiding, soos afstandsonderrig per satelliet en ander moontlikhede.

* In die verlede is daar sterk werwing onder Namibiese studente gedoen, maar dit is gestaak. Daar bestaan die persepsie dat die PU nie meer graag hierdie studente wil toelaat nie. Volgens die Rektor van die PU vir CHO word daar wél nog in Namibië studente gewerf maar nie meer so intensief soos voorheen nie, aangesien die reiskostes daarheen en terug so geweldig hoog is. Skole word nie meer afsonderlik besoek nie, maar saamtrekke word byvoorbeeld toegespreek.
* Die volgende feite is hieroor ingewin:
  ** Studente van Namibië ontvang nie meer subsidie in SA nie.
  ** Reisbeurse (alhoewel maar klein) word steeds deur die PU vir CHO aan hierdie studente beskikbaar gestel; daaroor bestaan dankbaarheid.
  ** Die moontlikheid van afstandsonderrig bestaan daarin dat vanaf 1998 by Windhoek 'n BBA-graad deur die PU vir CHO aangebied word. Op hierdie wyse kan voorgraadse studente en ook professionele persone soos onderwysers deurlopend opgelei en toegerus word.
  ** Die Departement Opvoedkunde van die PU vir CHO maak gebruik van COSA (College of Open Learning SA) om verdere onderrig in Namibië te gee.
  ** Heelwat minder studente van Namibië is by die PU vir CHO ingeskryf as in die verlede, aangesien hulle nie meer beurse ontvang nie.
  ** Matrieksertifikate van voornemende studente uit Namibië word volgens die PU vir CHO (Feb. 99) op presies dieselfde grondslag as soortgelyke sertifikate in die RSA beoordeel.

** In 'n gesprek wat op 23 Julie 1998 met die CO-Deputate van die GKSA gevoer is, meld hulle dat Namibiese studente probleme ervaar rondom die toestaan van studiepermitte.
** Ds. Flip van der Westhuizen (van Namibië) is versoek om solank beskikbare inligting oor Namibië aan die kerke aldaar deur te gee.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.7 Opdrag 7

Om ondersoek te doen na TSP dae wat gehou word deur die PU vir CHO.

2.2.7.1 Waar kom hierdie opdrag vandaan?

U Deputate het besluit om aandag aan hierdie saak te gee, nadat sodanige versoek deur die CO-Deputate van die GKSA aan hierdie Deputate gerig is - aangesien hierdie opdrag nie behoorlik genotuleer is in die opdragte aan hierdie Deputate in Acta 1997 nie.

2.2.7.2 Die moontlikheid van TSP-dae

Die PU vir CHO is (by monde van die Rektor) positief hieroor en meen dat hierdie saak met behulp van prof. A. le R. du Plooy (Rektor van die TSP) gehanteer kan word.

* Die naam van bovermelde dae is TSU (Teologiese Skool en Universiteit)-dae. Hierdie dae het ná 1958 nie meer plaasgevind nie. Dit is gewoonlik op die PU vir CHO se verjaarsdag gehou. In die verlede was daar wel 'n poging om hierdie dae te laat herleef deur dit te laat saamval met die onderskeie Part. Sinodes. Dit het egter nie gerealiseer nie.

2.2.7.3 Hantering van opdrag

* U Deputate het die Senaat van die TSP versoek om te herbesin oor die formaat van die jaarlikse Promosieplegtigheid. Die besluit wat hulle in hierdie verband neem, sal die aanbeveling van hierdie Deputate rondom die hantering van die sogenaamde TSU/TSP-dae beïnvloed.
* U Deputate sal in die toekoms moet besin of ons gemeentes gaan aanmoedig om sulke dae op eie inisiatief te hou. (Veral gemeentes in gebiede soos Pretoria en Bloemfontein waar daar ook ander residensiële universiteite is.)

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Moontlikheid vir die stigting van 'n beursfonds vir toekomstige studente*

* As gevolg van die toevloei van alle soorte studente kan die profiel van die PU vir CHO in die toekoms wel só verander dat die Christelike karakter nie meer die deurslag gee nie. Daarom behoort werwing van Christen-studente in die toekoms soveel meer aandag te ontvang.
* Wat beursfondse betref, gaan die geldkwessie in die toekoms 'n al groter rol speel. Daar word jaar na jaar al meer aansoeke by die PU vir CHO om lenings ontvang. Die volgende moontlike lenings bestaan:
  ** Alle studente waarvan die hooffinansierder minder as R60 000 per jaar verdien, kan aansoek doen vir 'n Tefsa-lening. Indien die student al sy/haar vakke slaag, kan tot 40% van hierdie lening omskep word in 'n nie-terugbetaalbare beurs.
  ** Oudstudente (wat bygedra het tot die Oudstudente-Leningsfonds) se kinders kan aansoek doen om uit hierdie fonds lenings te ontvang. Tans is die rentekoers op sodanige lenings slegs 7,5%. Hierdie fonds is bykans R2 miljoen sterk en die mikpunt is dat dit teen die jaar 2000 R5 miljoen sterk sal wees.
  ** Die "Pro Reformanda Trust" is daargestel deur die PU vir CHO. Die universiteit beoog om op 'n 50-50 basis daarvoor by te dra. Hierdie Trust is gestig om in die toekoms te kan voorsien vir die opleiding van predikante indien die owerheid nie meer die Teologiese Skool sou subsidieer nie.
  ** Indien die Gereformeerde Kerke ook nog 'n verdere fonds sou wou stig, bestaan die moontlikheid dat die PU vir CHO sulke fondse namens die kerke sal bestuur. (Keuring bly noodwendig in die hande van die kerke.)

* Uitgangspunt: Die Deputate is eintlik op soek na 'n tipe fonds wat vir enige Gereformeerde student toeganklik is en kan as volg verslag doen oor die moontlike generering van 'n beursfonds vir Gereformeerde studente:

** Die PU vir CHO (kantoor van mnr. Van der Walt) is bereid om sodanige beursfonds namens die kerke volgens hul eie opgestelde reglement te bestuur.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Op grond van die vraelys wat in die kerke gesirkuleer is (kyk 2.2.2.1) en die bevindinge en samevatting **moet Sinode 2000 besluit oor hoe daar aan die kerke hulp en leiding gegee kan word om Christelike onderwys te help bevorder**. (Die houding van die Gereformeerde Kerke oor Christelike onderwys is oor die algemeen positief. Die meeste kerke doen stappe om Christelike onderwys te bevorder, maar is ook van mening dat nog meer hierin gedoen kan word. Sommige kerke het spesifiek gevra hoe dit gedoen kan word. Op hierdie vraag sal die Sinode 'n duidelike antwoord moet verskaf.)

3.2. Die saak rondom die moontlike stigting van 'n beursfonds vir Gereformeerde studente het ter sprake gekom nadat prof. P.G.W. du Plessis inligting aan die Deputate beskikbaar gestel het. Daar bestaan tans geen beurse vir spesifiek Gereformeerde studente nie. **Die Sinode moet self besluit óf en indien wél op watter wyse hulle hierdie saak (die moontlike stigting van 'n beursfonds vir Gereformeerde studente) in die toekoms sou wou hanteer.**

Besluit: Oor punte 2.3 tot 3.2: In die lig van die nood wat daar bestaan t.o.v. die gebrek aan Christenonderwys, word 'n beursfonds (met die naam "Ecclesia Beursfonds") in die lewe geroep. Die fonds word begin deur bestaande beurse by die Administratiewe Buro te konsolideer en verder op te bou op aanbeveling van die Direkteur van die Administratiewe Buro. Die beurs bevat die volgende bepalings:

1. Beurslenings word toegeken aan voorgraadse studente uit die GKSA, veral dié wat 'n studie in die onderwys beoog.
2. Beurse word toegeken vir studie aan die PU vir CHO.
3. Fondse word deur die Adminstratiewe Buro gefinansier en geadministreer.
4. Die Beurskomitee van die Kuratorium van die TSP doen die toekennings.
5. Die Beurskomitee van die Kuratorium van die TSP ontvang opdrag om 'n Reglement en bepalings van die voorgestelde Beursfonds op te stel.

4. Aanbevelings vir besluite

4.1 Die kerke neem met groot dank daarvan kennis dat die PU vir CHO baie erns daarmee maak om te verseker dat die Christelike karakter van die PU vir CHO grondvat in die vakonderrig. Hulle beywer hulle ook daarvoor om gebreke hierin deurlopend aan te pak en op te los.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Die volgende saak moet sterk onder die aandag van al die kerke gebring word. Die kerke moet besef: As daar nie meer Christenstudente en -dosente aan die PU vir CHO is nie, sal die Universiteit nie meer sy karakter kan behou nie. Die kerke het die verantwoordelikheid om te sorg dat Christenstudente aan die PU vir CHO kom studeer.

Besluit: Goedgekeur.

4.3 Die kerke neem met dankbaarheid daarvan kennis dat die owerhede einde Augustus 1998 die Statute van die PU vir CHO onderteken het. Hiermee word die Christelike karakter van die PU vir CHO erken.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 Kerkrade moet die saak van roeping en roepingsbesef baie sterk in die kerke aanspreek.

Besluit: Goedgekeur.

4.5 Kerkrade moet toesien dat lidmate goed onderlê en in staat is om hulle teenoor die charismatiese strominge uit die Woord te kan verantwoord.

Besluit: Goedgekeur.

4.6 Kerkrade moet aangemoedig word om ’n ywerige en entoesiastiese kontakpersoon te identifiseer aan wie inligting oor die PU vir CHO deurgegee kan word. Hierdie persoon kan dit dan weer onder die aandag van voornemende studente bring.

Besluit: Goedgekeur.

4.7 Kerke moet kennis neem van die saak van telematiese onderrig, aangesien persone wat in die verlede (deur finansiële en ander redes) nie die geleentheid gehad het om te studeer nie, moontlik op hierdie wyse in staat gestel kan word om deur die PU vir CHO te studeer.

4.8 Die kerkverband moet kennis neem van die feit dat daar vir die kerke die geleentheid bestaan om “lugtyd” (wat o.a. vir telematiese onderrig gebruik word) te koop (bv. ter wille van Woordverkondiging op afgeleë gebiede) teen R3 600 per uur.

4.9 Die kerke neem met dankbaarheid kennis van die PU vir CHO se verbintenis daartoe om die Reformatoriese leer ook deur die telematiese onderrig te help uitdra.

Besluit: Goedgekeur.

4.10 Daar word tans 3 persone op die Raad van die PU aangestel vanuit die Konvokasie wat ’n positiewe bydrae kan lewer vir die “waghondfunksie” oor die behoud van die PU vir CHO se karakter. Oudstudente (graduandi) wat besorg is oor die behoud van die PU vir CHO se karakter moet deur kerkrade aangemoedig word om as lede van die Konvokasie van die PU vir CHO in te skryf.

Besluit: Goedgekeur.

4.11 Kerke moet aangemoedig word om betrokke te bly en te word by die saak van die PU vir CHO.

4.12 Kerkrade moet ouers van potensiële Pukstudente (ouers wie se kinders in std. 9 en 10 is) aanmoedig om by die PU vir CHO te studeer om só te help verseker dat die karakter van die PU vir CHO behoue bly.

Besluit: Goedgekeur.

4.13 Kerkrade word aangemoedig om die PU vir CHO se “uniekheid” uit te lig en na buite te kommunikeer, aangesien die Christelike karakter van die PU vir CHO die grootste enkele rede is waarom studente graag daar wil studeer.

Besluit: Goedgekeur.

4.14 Kerkrade word versoek om geskikte kandidate aan te moedig om onderwys-kursusse aan die PU vir CHO te kom studeer, aangesien daar binnekort ’n groot tekort aan goedopgeleide gelowige onderwysers gaan wees.

4.15 Die CO-Deputate van die GKSA beveel aan dat hierdie Deputate die situasie by die POK goed dophou, aangesien nuwe wette aangeneem kan word wat kan meebring dat kolleges net soos universiteite befonds kan word en dit hulle met baie finansiële probleme kan laat.

Besluit: Goedgekeur.

4.16 Alle sake wat uit die vraelys na vore gekom het (waarvan die finale bevindings, eers teen Mei 1999 beskikbaar was) moet deur u Deputate gehanteer word, soos wat dit na vore kom uit die aanvanklike opdragte wat aan hierdie Deputate opgedra is.

Besluit: Goedgekeur.

4.17 Die praktyk word gehandhaaf dat inligting oor die PU vir CHO jaarliks deur professore aan die TSP op die onderskeie Partikuliere Sinodes tydens hul groeteboodskappe deurgegee word.

Besluit: Goedgekeur.

4.18 Die Sinode spreek hom uit oor die moontlikheid dat die jaarlikse Promosieplegtigheid van TSP gebruik word as die een geleentheid per jaar waartydens alle kerke binne die kerkverband versoek word om die predikant en ’n ouderling af te vaardig om saam met die Kuratore te vergader. Gedurende só ’n geleentheid kan die Rektor van die PU vir CHO vrae beantwoord en die saak van die PU vir CHO stel.

Besluit: Kennis geneem. Die nuwe Deputate hanteer die saak in samewerking met die Kuratorium.

4.19 Ná gesprekvoering met die Rektor van die PU vir CHO oor hierdie saak, het u Deputate besluit om nie verder te poog om ’n rolspeler op die BTF te word nie. Persone wat wel op die BTF is, kan

gespreek word om te verneem hoe ons hulle in hul taak kan ondersteun. Die Sinode keur hierdie optrede goed.

Besluit: Goedgekeur.

4.20 Die kontinuïteit vir die uitgee van jaarlikse vlugskrifte mag nie verloor word nie. Dit geld vir iets soos die brief wat jaarliks aan std. 9 en 10 kinders uitgegee behoort te word (ter aanmoediging om aan die PU vir CHO te studeer) en wat aan kerkrade deurgegee moet word met die versoek dat die briewe aan sodanige kinders versprei word.

Besluit: Goedgekeur.

4.21 Die kerke moet daarvan kennis neem dat inligting oor die PU vir CHO op hulle webblad op die Internet verkry kan word. Hierdie webblad bied die moontlikheid om enige algemene inligting rondom die PU vir CHO aan te vra. Navrae oor spesifieke sake word ook gekanaliseer en regstreeks beantwoord.

Besluit: Goedgekeur.

4.22 Die Sinode keur die Deputate se optrede met hul skakeling met Sinode Middellande goed.

Besluit: Goedgekeur.

4.23 Die nuwe Deputate voer in die toekoms op gereelde basis (ook ad hoc) met die Hoof van die SGW gesprek. Veral nuwe verwikkelinge word op hierdie wyse gemoniteer.

4.24 Die opdrag oor medestanders – soos geblyk uit 'n gesprek met die CO-Deputate – moet nie beskou word as 'n "definitiewe" opdrag nie, alhoewel die situasie deurgaans gemoniteer behoort te word. Indien dit nodig sou wees (soos in 'n krisissituasie waar die PU vir CHO gedwing word om sy deure te sluit, omdat hy nie bereid is om sy Christelike karakter te laat vaar nie), moet die Deputate inisiatief neem hierby.

4.25 Die kerke moedig die PU vir CHO aan om 'n sentrum soos die SGW te gebruik om op nagraadse vlak navorsing te doen oor Christelike Onderwys in die verskillende wetenskappe en om intern dosente en studente hierin voor te gaan en by te staan om só die saak van Christelike Onderwys uit te bou. Aan die owerhede van die PU vir CHO moet juis aangetoon word dat die uitdaging daarin bestaan dat die navorsing daarop gerig moet wees om die Christelike Onderwys *in die vakbeoefening tot sy reg met kom* en dat nagraadse studente spesifiek vir hierdie studieveld gewerf behoort te word.

Besluit: Goedgekeur.

4.26 Die kerke moedig die PU vir CHO aan om in die toekoms in die afstandsonderrig die karakter van die PU vir CHO (soos vergestalt in Wetenskapsleer en die etiese) nog duideliker en meer eksplisiet te formuleer en deur te gee.

4.27 Die kerke in Namibië neem kennis van alle relevante sake wat hulle raak insake die PU vir CHO.

Besluit: Goedgekeur.

4.28 Die saak rondom die TSP/TSU-dae staan oor totdat daar duidelikheid bestaan oor die toekomstige hantering van die Promosieplegtigheid.

Besluit: Goedgekeur.

4.29 Kerkrade bring dit weer onder lidmate se aandag dat hulle die saak van Christelike onderwys kan help bevorder deur erflatings vir beursfondse vir studente. Lidmate wat erflatings vir sodanige beurse bewillig, kan ook deur die PU vir CHO se kundige (Gerhard Badenhorst) oor die boedelimplikasies geadviseer word.

Besluit: Goedgekeur.

4.30 Daar word weer Deputate aangestel met die volgende opdrag: Kontinueer die opdrag - soos deur Sinode 1997 daargestel - maar inkorporeer daarmee saam die besluite soos hierbo vermeld (waar van toepassing).

Besluit: Goedgekeur.

G. AANVULLENDE RAPPORT

1. Saak waarvan die Sinode moet kennis neem (voeg in onder Opdrag 1: punt 2.2.1.3):

U Deputate het einde Augustus 1999 gesprek gevoer met Deputate van Klassis Ladybrand (di. Pieter van der Walt en Danie Malan), asook verteenwoordigers van die PU vir CHO (proff. Louw van Wyk en Hannes van der Walt).

Saak van die kant van die Deputate van Ladybrand

- Net die groot dorpe het nog laer-en hoërskole waarna kinders gestuur kan word en kinders moet dan in koshuise tuisgaan.
- Baie ouers is nie finansieel in staat om kinders na goeie hoërskole (buite hul tuisdorpe) te stuur nie. Afgesien daarvan word die verbondsonderrig daardeur benadeel. In die skole in die kleiner dorpe is daar tans baie probleme rondom kultuurverskille en dissipline.
- Die Deputate van Klassis Ladybrand rig die versoek dat daar vanaf Potchefstroom uitsendings vir skoolonderrig moet plaasvind (moontlik via Laerskool Mooirivier en Hoërskool Gimnasium). Só kan, na hul mening, kleiner skooltjies met baie min onderwysers, met behulp van telematiese hulp, in die kleiner dorpe gevestig word.
- Voorts meen hulle dat, indien daar vanaf Pretoria gewerk word, die Gereformeerde skool Dirk Postma ‘n moontlike sentrum is wat as basis gebruik kan word.

Reaksie deur prof. Louw van Wyk

- Die universiteit sien nie sy weg oop om skoolprogramme te ontwikkel nie, maar sal wel bereid wees om op ‘n ander wyse insette te help lewer.
- Lewendige TV-uitsendings is geweldig duur. Ateljees kos R15 000-R20 000 per uur om te huur. Indien daar met video’s gewerk word, kan die koste afkom tot R9 000 per uur. Video’s kan ook op die internet afgelaai word wat ‘n baie goedkoper opsie is. Die tegnologie om inligting te stuur en te ontvang word al goedkoper. Die duur item is egter die vervaardiging van geskikte programme.
- Die PU vir CHO plaas alle massa (studie) materiaal wat deel is van sy TLS-program op CD-Rom. Net die interaksie-gedeelte van lesings, ens. word “in-tyd” hanteer, aangesien dit baie duur is. Voorts stuur hulle video’s na die sentrums met rekenaars (op verskillende plekke regdeur die land) waar die video’s vertoon word. Hierdie is aanvullende materiaal by die materiaal op CD-Rom. Voorts word studente ondersteun deur “voorsitters” wat bloot as fasiliteerders rigting aandui vir die akademiese gesprekke van groepe wat die sentrums bywoon.
- Die PU vir CHO kan moontlik help deur teen billike koste hul ateljee beskikbaar te stel om leerprogramme op video te plaas.
- Hy beveel aan dat ‘n mens gaan kyk na die wyse waarop groepe soos “Open Learning Group” skoolprogramme, ens. hanteer.

Prof. Hannes van der Walt onderneem om hierdie saak ook duidelik te stel in die Rapport van die CO-Deputate van die GKSA tydens die Sinode van 2000.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

- **Besluit:** Die versoek van Klassis Ladybrand word goedgekeur deurdat ‘n Deputategroep van die GKSA die moontlikheid in groter detail ondersoek om kerke by te staan om uitsendings vir skoolonderrig te laat plaasvind en om tydens Sinode 2003 oor hul werksaamhede te rapporteer. Só kan kleiner skooltjies met baie min onderwysers, met behulp van telematiese hulp, in die kleiner dorpe gevestig word.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbevelings

3.1. Hierdie besluit moet na 'n afsonderlike (nuwe) Deputategroep verwys word, aangesien die lading van die ander Deputategroepe wat met onderwys gemoeid is, reeds baie hoog is.

3.2. Die kerke moet besluit of hulle bereid is om hulself tot hierdie saak te verbind. Indien wél, moet daar 'n bedrag vasgestel word wat vir die daarstel van sodanige skoolprogramme begroot word, sodat hierdie Deputate hulle opdrag kan uitvoer.

Besluit: Kennis geneem.

18.3 RAPPORT DEPUTATE KATKISASIE (Art.89)

A. Dr. J. le Roux stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word afgehandel met uitsondering van 3.2 wat verwys word na die Kommissie vir Finansies.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Sinode 1997 het die hele punt 3 van die Rapport van die Katkisasiedeputate wat so lui, goedgekeur:

"3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Benoem Deputate vir Katkisasie.

3.2 Neem kennis van die voltooide Handleidings en verwys dit na die plaaslike kerke vir kommentaar aan die Deputate.

3.3 Die Deputate voltooi die herskrywing van die Handleidings vir die kategete en katkisante volgens die nuwe kurrikula en sillabusse.

3.4 By herdrukke van die Handleidings word dit op grond van die ingekome kommentaar hersien.

3.5 Die Deputate befonds hulle uitgawes uit die verkoop van die Handleidings.

3.6 Die Administratiewe Buro behartig die boekhouding van die Deputate se inkomste en uitgawes.

Die opdrag van die Deputate is vervat in punte 3.3 tot 3.6.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 *Vorige ondernemings het nie gerealiseer nie:*

Volgens die Rapport Deputate Katkisasie in die Handelinge van Sinode 1997: (505, 2.2.6; 506, 2.2.7) was die oogmerk dat handleidings vir "minstens drie standerds" voltooi sou wees teen einde 1996 en dat "alle Handleidings teen die einde van 1997" voltooi sou wees. Nie een van hierdie oogmerke is gerealiseer nie. Algaande tydens die skryfproses en met insette van die nuwe Deputate asook gekoöpteerde persone en deur deeglike evaluering van werk wat reeds gedoen is, het die Deputate 'n gewysigde rigting ingeslaan. Van werk wat reeds gedoen is, word sover moontlik gebruik gemaak. Die leerplanne wat deur die Sinode goedgekeur is, word steeds nagevolg hoewel kleiner wysigings aangebring word om byvoorbeeld oorvleueling van Skrifgedeeltes tot die minimum te beperk.

2.2 *Werkswyse*

Die volgende skryfproses is gevolg. 'n Predikant aanvaar verantwoordelikheid vir 'n aantal lesse. Hy vergader 'n span persone onder wie opvoedkundiges moet wees, om hom te help. Die produk word na 'n redakteur, wat 'n predikant is, deurgestuur vir evaluering. Kommentaar word gelewer en die lesse word na die skrywer teruggestuur vir hersiening. Dit word weer aan die redakteur gestuur. Die proses word herhaal soveel keer as wat dit nodig is om die les op die vlak te kry waar die redakteur en die skrywer ooreenkom dat die standaard daarvan aanvaarbaar is. Daarna word dit na 'n predikant (tans ds. D. Postma) gestuur om dit na te gaan vir dogmatiese korrektheid.

Nadat al die nodige kommentaar ingewerk is, word die finale bladuitleg gedoen en die drukkerskopie voorberei. Om koste te bespaar doen die eindredakteur self die werk aangesien professionele persone hoë tariewe hef. Die finale kopie word dan aan die drukker voorsien wat op sy beurt die duplisering

en bindwerk onderneem. Die kostebesparing met hierdie werkswyse is groot maar dit verg baie tydsinsette van die Deputate.

Daar word streng op gelet dat elke les slegs een hoofgedagte by die katkisante tuisbring maar in drie dimensies naamlik kop, hart en hand of anders gestel ken, vertrou en doen. Vandaar ook die oorkoepelende titel van die reeks.

2.3 *Onderhandelings met MEMA:*

U Deputate het met MEMA onderhandel oor die moontlike uitgee van die Handleidings ook vir breër gebruik. Hulle was bereid daartoe maar wou as voorvereiste verdere insette lewer oor die leerplan. Dit was egter buite ons mandaat en daarom is die onderhandelings gestaak.

2.4 *Onderhandelings met Drukkers:*

Verskillende kwotasies vir die druk van die Handleidings is verkry in oorleg met die Direkteur van die Administratiewe Buro. Daar is besluit om van die dienste van V&R Drukkers in Pretoria gebruik te maak.

2.5 *Vordering tot einde Junie 1999:*

2.5.1 Graad 1 en 2

Handleidings vir graad 1 en 2 is aan die einde van 1998 gepubliseer ('n voorbeeld van elk is as Bylae ingesluit). Drie Handleidings vir elke jaargroep is beskikbaar gestel. Die medewerkers word in die Handleidings vir die kategete aangedui.

- 'n Handleiding vir voorbereiding van die les gerig op die ouers en die katkisante. Riglyne word aan die ouers gegee om hulle kind in die loop van die week oor drie of vier dae te begelei in Bybelstudie ter voorbereiding vir die les wat aangebied gaan word. Opdragte vir die kind stimuleer selfwerksaamheid.
- Handleiding vir die kategeet. Uitgewerkte lesse as riglyn vir die kategeet word hierin gebied. In elke les word een deurlopende tema aangespreek in die drie dimensies van ken, vertrou en doen. Die lesse word aangebied onder die volgende hofies: Lees; Doelwitte; Wegspring; Verkondiging; Versterking van die hoofgedagte; Praktykmaking; Evaluering; Gebed; Memoriseerwerk; Hulpmiddels.
- Werkboek vir katkisant. Die doel van hierdie boek is om ná die aanbieding van die les die hooftema van die les by die kinders in te skerp deur een of ander vorm van selfwerksaamheid.

Die voorbereidings- en werkboek word saam aan die kerke beskikbaar gestel teen R10 en die Handleiding vir die kategeet vir R20 elk. Posgeld en verpakking word deur die Administratiewe Buro toegevoeg. In oorleg met die Direkteur van die Administratiewe Buro is 'n opgaaf van 2 000 elk van die Handleidings vir ouers en kinders en die werkboeke laat druk en 600 van die Handleidings vir kategete.

Hersiening van die Handleidings op grond van die gebruik daarvan in die praktyk is noodsaaklik voor 'n volgende opgaaf gedruk word. Daarom versoek die Deputate alle gebruikers van die Handleidings om kommentaar deur te gee sodat dit in die hersiening ingewerk kan word.

2.5.2 Graad 3

Di. A.S. Heystek en A.L. Pelser saam met 'n span helpers vorder goed met die opstel van die lesse. Dr. J. le Roux is die eindredakteur. Ds. D. Postma sal die lesse nasien vir dogmatiese korrektheid. Die oogmerk is om graad 3 teen die einde van 1999 vir publikasie gereed te hê. Dieselfde styl as graad 1 en 2 word gebruik.

2.5.3 Graad 4

Ds. I.J.J. de Villiers met 'n span helpers is besig om die lesse op te stel. Die redaksionele werk word deur dr. G. Breed gedoen. Die oogmerk is om die lesse so na as moontlik aan die einde van 1999 gereed te hê om dan so spoedig moontlik daarna gepubliseer te word.

Twee Handleidings word voorberei. Die eerste dien as 'n riglyn vir die ouers en die kinders vir die voorbereiding van lesse. Riglyne vir Bybelstudie vir drie tot vier dae word gebied. Selfwerksaamheid van die katkisante word gestimuleer met allerlei interessante riglyne. Die Handleiding vir die kategeet is in dieselfde styl as graad 1 tot 3.

2.5.4 Graad 5

Ds. C. Hattingh het reeds die 25 lesse opgestel. Dit word tans deur die eindredakteur dr. J. le Roux, verwerk en br. Johann Dreyer, 'n opvoedkundige, lewer insette veral oor die voorbereidingsboek. Daar word beoog om die Handleidings D.V. teen die einde van 1999 te publiseer. Die Handleiding vir die kategeet word onder dieselfde hofies as die van graad 1 tot 3 aangebied.

2.5.5 Graad 6

Ds. F.P. Kruger en sy span helpers het van die lesse opgestel. Dr. V. Combrink het ook 'n aantal lesse voorberei. Dr. G. Breed is die eindredakteur en is besig met afrondingswerk. Daar word beoog om die Handleidings D.V. teen die einde van 1999 te publiseer. Dieselfde styl as graad 5 word gebruik.

2.5.6 Graad 7 tot 11

By die opstel van die lesse vir dié klasse word gebruik gemaak van verskeie skrywers wat in 'n bepaalde rigting spesialiseer. Dr. A.G.S. Venter hanteer alle kanoniek; dr. J.M. van Tonder alle kerkgeskiedenis en dr. H.G. Stoker alle lesse oor die sektewese. Ds. D. Postma het aangedui dat hy aan die einde van 1999 nadat hy geëmeriteer het, ook sal help skryf. Hy doen tans die dogmatiese nasienwerk vir al die klasse. Sr. Ronel Pieterse (wat haar teologiese studies pas voltooi het) het aangebied om met die kategeet-handleidings te help.

Twee Handleidings word saamgestel: vir die katkisant en die kategeet.

Goeie vordering word gemaak maar publikasie-datums kan nog nie aangedui word nie. Dit hang van die produksiespoed van die individuele skrywers af.

Medewerkers hier is:

Graad 7: drr. V. Combrink, A.G.S. Venter, di. M. van Helden en H.C. van Rooy. Die redaksionele werk word deur dr. G. Breed gedoen.

Graad 8: ds. G.J. Meijer en dr. A.G.S. Venter en die redaksionele werk word deur dr. N.P. Heystek gedoen.

Graad 9: drr. A.G.S. Venter, J.M. van Tonder en ds. H.L.J. Momberg en die redaksionele werk word deur dr. N.P. Heystek gedoen.

Graad 10: drr. A.G.S. Venter en J.M. van Tonder.

Graad 11: drr. A.G.S. Venter, H.G. Stoker en di. J. van Schaik en P.A. Nel. Die redaksionele werk word gedoen deur di. N. Droomer en P.C. van der Walt.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 *Opdrag aan nuwe Deputate:* Die opstel van die nuwe katkisasiehandleidings moet voortgaan.

Besluit: Die Sinode wys weer Katkisasiedeputate aan met die opdrag:

- Voltooi die nuwe katkisasiehandleidings.
- Wen kommentaar oor die beskikbare nuwe Handleidings in, weeg dit en werk die hersiening van die Handleidings in voordat 'n tweede opgaaf gedruk word.

3.2 *Omvang van die werk:* Die omvang van die werk is baie groot. Die Deputate en almal wat by die skryfproses betrokke is, is almal voltyds betrokke in hulle gemeentes of ander beroepe. Geen persone is heeltyds afgesonder vir die taak van die herskryf van die Handleidings nie en daarom geskied die skryfproses hoofsaaklik in die vrye tyd van die betrokkenes. Dit is beslis baie belangrik om nuwe katkisasiehandleidings so spoedig moontlik beskikbaar te kry, maar die vordering is noodwendig baie stadiger as wat ons dit graag sou wou hê.

Die redaksionele werk is eweneens 'n baie tydrowende praktyk. Sodra die lesse op 'n vlak is dat dit vir publikasie voorberei kan word, is groot tydinsette noodsaaklik. Die aanstel van professionele persone in hierdie verband sou baie tyd bespaar, maar dit sal die koste van die Handleidings aansienlik laat toeneem. Daarom doen die Deputate die werk self.

Besluit:

1. Nie goedgekeur nie.
2. Die Bestuur van die Administratiewe Buro moet 'n aparte fonds vir die Deputate Katkisasie daarstel.

Motivering: Sodoende kan behoorlike kontrole oor die stand van inkomste en uitgawes oor boekeverkope gedoen word.

3.3 *Internet:* Ds. H.W. Olivier is tans besig met voorbereiding om die Handleidings wat klaar is op Internet beskikbaar te stel. Heelwat navrae van Suid-Afrikaners in die buiteland is reeds ontvang.

Besluit: Goedgekeur dat die beskikbare Handleidings op Internet beskikbaar gestel word.

18.4 RAPPORT DEPUTATE JEUGSORG (Artt.110, 173)

A. Ds. B.R. Kingma stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Jeug en Onderwys.

C. Ds. P.H. Fick stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 1997:515, 3.1.4.3; 515-516, 4.

1.1 Stel vir die doelgerigte toerusting van die kerkjeug en as hulpmiddel vir kerke programwenke vir jeugbyeenkomste saam.

1.2 Gee vir die jongmense en spesifiek vir die laerskooljeug verder toerusting oor Bybelleesmetodiek en stel geskikte hulpmiddele beskikbaar.

1.3 Deur toerustingsmateriaal verder aan die noodsaak van die toerusting en opleiding van jongmense om met jeugaktiwiteite leiding te neem, aandag te gee.

1.4 Inisieer in samewerking met die CJBF die samestelling van lektuur en poog om lektuur ook vir blinde persone toeganklik te maak.

1.5 Dien as skakel met die Jeugkommissies van die NG en NH Kerke en met ander binnelandse Kerke rakende kerklike jeugsorg.

1.6 Die Deputate vir Jeugsorg word opgedra om verdere voorstelle aan kerkrade te maak waarmee die kerkrade die jongmense kan stimuleer om jeugwerk in die amp van die geloof te onderneem. Die Deputate ontvang 'n mandaat om van fasiliteerders gebruik te maak om die jeug se spesifieke behoeftes ten opsigte van die kerk te bepaal. Fondse hiervoor moet deur die Deputate self verkry word.

1.7 Aan die benoemde Deputate word opgedra om die sing van Psalms en Skrifberymings by die jeug te bevorder

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 *Samestelling van Deputate*

Ds. J.P.L. van der Walt het die Deputate in Februarie 1999 in kennis gestel dat sy werksomstandighede hom verhinder om langer op die deputate te dien. Ds. B.C. Smit is in sy plek as sekundus opgeroep.

Ds. P. Lubbinge het na die aanvaarding van 'n beroep na Nederland in Februarie 1999 nie meer op die Deputate gedien nie. Geen sekundus is in sy plek opgeroep nie aangesien die Deputate op daardie stadium begin het om sy werksaamhede te voltooi.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Programwenke vir jeugbyeenkomste (Opdrag 1)*

Drie Programwenke is deur die Deputate saamgestel en tot beskikking van kerke gestel.

Programwenke 5 handel oor die uitdra van die Evangelie en rus jongmense toe om 'n evangeliseringsgesprek te kan voer.

Programwenke 6 handel oor kultusse en bied aan jongmense waardevolle agtergrondskennis oor verskillende kultusse.

Programwenke 7 is 'n Bybelse vasvra-kompetisie.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Bybelleesmetodiek vir laerskoolkinders (Opdrag 2)*

2.3.1 Leer uit die Bybel vir junior en senior laerskoolleerlinge

Hierdie publikasies getitel "Kruis en dwars deur die Bybel" het in Augustus 1999 verskyn en is 'n werkboek vir laerskooljeug om die Bybel te leer ken. Selfwerksaamheid met die Bybel word as metodiek gebruik.

Twee Handleidings is saamgestel: een vir graad 1 – 4 leerlinge en een vir graad 5 – 7 leerlinge. Elke Handleiding is ook agter in die boek voorsien van die korrekte antwoorde.

Hierdie Handleidings is deur verskeie lidmate onder leiding van sr. Rina Erasmus saamgestel en reeds in die praktyk getoets. Die Deputate dra sy hartlike dank aan sr. Rina Erasmus en al haar medewerkers oor vir die groot taak wat hulle verrig het in belang van ons jong kinders.

2.3.2 Plakkate as hulpmiddel in Bybellees

Plakkate met instruksies is deur die Deputate saamgestel – hulle leer kinders metodes aan om selfstandig die Bybel met diepgang te lees. Hierdie plakkate is ook 'n uiters geskikte hulpmiddel vir ouers en lidmate wat leiding aan die jeug moet bied.

Hierdie plakkate is gedurende 1999 tot beskikking van kerke, ouers en jeugleiers gestel.

2.3.3 Bybelse dagboek

'n Bybelse dagboek vir skoolleerlinge wat gebaseer is op die Nederlandse Geloofsbelydenis nader tans voltooiing en sal moontlik vroeg in 2000 verskyn.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 *Opleiding van jongmense om met jeugaktiwiteite leiding te neem (Opdrag 3)*

2.4.1 Jong lidmaat, jong leier

Die kursus "Jong lidmaat, jong leier" wat die Deputate in 1995 saamgestel het, is weer grondig hersien en bygewerk met die hulp van kundige lidmate. Die Deputate het besluit om die kursus op 11 Augustus 1999 tydens toerustingsgeleenthede te Pretoria, Bloemfontein en aan die Witwatersrand bekend te stel aan kerke.

Die doel van hierdie kursus is om jeugwerkers deur hierdie kursus in staat te stel om jong lidmate toe te rus ten einde leiding te neem in jeugaktiwiteite. Onderwerpe wat in die kursus behandel word, is: die noodsaak van jeugsorg, die unieke leiding wat unieke jongmense vra, leierskap, kommunikasie, groepsdinamika en beplanning.

Die kursus bestaan uit 'n handleiding vir die kursus-aanbieder asook uit 'n werkboek vir die jongmense wat toegerus word.

Terugvoering wat die Deputate oor die vorige kursus ontvang het, dui daarop dat dit in 'n groot behoefte voorsien het. Die Deputate vertrou dat dit ook die geval met die nuwe kursus sal wees.

2.4.2 Jeugkongresse/kampe

Onder leiding van die Deputate is daar op 30 April – 3 Mei 1998 en weer op 30 Julie – 1 Augustus 1999 landswyd in verskillende sentra Jeugkongresse/kampe aangebied met die volgende doelstellings:

- Toerusting van die Gereformeerde Kerke se jongmense
- Vasstelling van die jongmense se behoeftes

- Bevordering van die sing van Psalms en Skrifberyminge deur die jeug
- Bevordering van die gemeenskap van die gelowiges
- Skep van 'n positiewe gees onder die Gereformeerde jeug
- Versterking van die Gereformeerde identiteit onder die jongmense
- Bemarking van die Jeugdeputate se publikasies

Hierdie kongresse/kampe is deur aangewese organiseerders in die volgende streke aangebied: Gauteng-Noord (Pretoria), Noord-Wes (Brits), Noord-Wes Suidstreek (Vryburg), Vrystaat, Noordelike Provinsie, Weskaap, Witwatersrand, Natal, Namibië en Mpumalanga. Die tema van die kongresse/kampe in 1998 was "*Lei jy of ly jy in dié onseker tyd*?" terwyl die 1999-kongresse/kampe as tema gehad het "*Besin en begin*" (Beginselvaste jongmense dink en doen).

Terugvoering wat die Deputate van die verskillende organiseerders na aanleiding van die 1998 kongress/kampe ontvang het, het die volgende sake aan die lig gebring:

- Die kampe is landswyd baie goed deur ons jongmense bygewoon
- Die jongmense beskou hierdie toerustingsgeleentheid as uiters verrykend en noodsaaklik
- Die behoefte bestaan dat hierdie kongresse/kampe jaarliks voortgesit word

Terugvoering oor die 1999 kongresse/kampe was nog nie beskikbaar met die indiening van hierdie Rapport nie.

Die Deputate spreek sy hartlike dank uit teenoor al die organiseerders wat hulle in hierdie groot taak bygestaan het.

Besluit: Kennis geneem.

2.5 Samestelling van lektuur vir die jeug (Opdrag 4)

2.5.1 *Hoe-boekies*

In die *Hoe Boekie-reeks* wat aktuele antwoorde op aktuele vrae bied, het twee uitgawes verskyn wat tot die beskikking van kerke gestel is.

Hoe Boekie 1 handel oor die hantering van moedeloosheid, woede en eensaamheid.

Hoe-Boekie 2 het as tema "Hoe besluit ek oor"?

Ander titels wat in hierdie reeks beplan word en wat in vorige Rapporte van die Deputate reeds vermeld is, is: Hoe antwoord ek?, Hoe dink ek?, Hoe weet ek?, Hoe verstaan ek?, Hoe dien ek?, Hoe reageer ek op?, Hoe leef ek saam met? en Hoe word ek?.

2.5.2 *Soekligreeks*

Die *Soekligreeks* voorsien Bybelstudiemateriaal aan jongmense.

Twee *Soeklig* Bybelstudieboekies, nl. Miga (ds. Awie Verhoef) en Markus (ds. T.J.J. Kruger), is voltooi en by die CJBF-deputate vir publisering ingedien. Hulle het die Deputate in kennis gestel dat die boekies weens onvoldoende fondse nie gedruk kan word nie. Die skrywers is in kennis gestel dat hulle alternatiewe uitgewers kan bekom.

'n Verdere *Soeklig* Bybelstudieboekie oor 1 Tessalonisense (dr. Gert Breed) het die Deputate self laat druk aangesien die behoefte aan Bybelstudiemateriaal onder die jongmense groot is. Hierdie boekie is in Augustus 1999 beskikbaar gestel. Die fondse vir die publisering van hierdie boekie is van borge bekom.

2.5.3 *Nag my kind*

Hierdie publikasie bevat *Nagsê-gesprekke* wat ouers met hulle kleuters kan behandel. Aktuele onderwerpe vir kleuters word hierin behandel en die boekie is ook voorsien van pragtige sketse.

Die publikasie is saamgestel deur Bets la Cock en Reinarda du Toit het die sketse voorsien. Die Deputate betuig hulle innige dank aan hierdie twee susters.

Die boekie is in samewerking met die CJBF uitgegee en verkoop uitstekend.

2.5.4 Beskikbaarstelling van publikasies aan blindes

Die Deputate het navraag by Bandhulp vir Blindes in Pretoria kennis gedoen oor die moontlikheid om publikasies vir blinde persone toeganklik te maak. Die Deputate is in kennis gestel dat hulle belangstel om publikasies op band op te neem. Die volgende publikasies is aan hulle voorsien met die oog op opnames: Nag my kind, *Hoe-boekie* 1 en die *Soeklig* Bybelstudieboekie oor 2 Petrus.

Besluit: Kennis geneem.

2.6 Skakeling met NH en NG Kerke (Opdrag 5)

Jaarlikse skakeling met die jeugkommissies van die NH en NG Kerke het plaasgevind waartydens aktuele sake bespreek is en inligting oor werksaamhede uitgeruil is. Die Deputate vir Katkisasie en Christelike Onderwys van die GKSA is in 1997 en weer in 1999 uitgenooi om die samesprekings saam met die Deputate Jeugsorg by te woon aangesien die ander kerke se jeugkommissies ook vir katkisasie en onderwys verantwoordelik is.

Besluit: Kennis geneem.

2.7 Stimulering van jeugwerk in die amp van die geloof (Opdrag 6)

Die hersiene kursus *Jong lidmaat, jong leier* (kyk 2.4.1.) se hoofdoelwit is om die jongmense toe te rus om self aktief in die amp van die gelowige jeugwerk te onderneem. Die kursus bied hulle die prinsipiële agtergrond en leer hulle ook die nodige vaardighede aan.

Besluit: Kennis geneem.

2.8 Bepaling van die jeug se spesifieke behoeftes ten opsigte van die kerk (Opdrag 6)

2.8.1 Navorsing deur kundiges

Die Deputate het verskeie kundige instansies genader met die oog op 'n wetenskaplike vasstelling van die jeug se spesifieke behoeftes ten opsigte van die kerk. Aangesien die koste aan hierdie projekte ver buite die bereik van die kerke was, het die Deputate besluit om die navorsing self te onderneem.

2.8.2 Navorsing deur die Deputate

Die Deputate het met die kundige advies self 'n vraelys opgestel wat deur jongmense tydens die kongresse/kampe in April 1998 in groepverband voltooi is. Die vraelyste is deur die Deputate self verwerk en die navorsingsresultate word onder die volgende opskrifte weergegee:

2.8.2.1 Eredienste

Drie navorsingsvrae is gestel rondom die erediens. *Die vrae word vervolgens gegee asook die aspekte wat duidelik uit die jeug se beantwoording daarvan na vore gekom het.*

Vraag 1: "Wat is die belangrikste aspekte van die Gereformeerde erediens waarmee die jongmens tevrede is?"

- Ordelikheid in die eredienste
- Suiwer bediening van die Woord
- Duidelike prediking
- Sing van Psalms en Skrifberymings

Vraag 2: "Wat is die grootste probleem wat jongmense in die erediens ondervind?"

- Sang in die eredienste is te stadig
- Behoeftes van kinders word nie genoegsaam in ag geneem nie

Vraag 3: "Wat behoort gedoen te word om die probleme reg te stel?"

- Die behoeftes van die jeug moet in die prediking aangespreek word
- Gemeentesang moet verbeter word

2.8.2.2 Kerklike aktiwiteite

Drie navorsingsvrae is gestel rondom kerklike aktiwiteite.

Vraag 1: "Watter kerklike aktiwiteite (gemeentekamp, jeugkamp, etes, ens.) is vir jou as jongmens die lekkerste? Waarom is dit vir jou lekker?"

- Jeug- of kerkkampe
- Jeugbyeenkomste
- Gemeenteaktiwiteite waarby die jeug betrek word

Vraag 2: "Hoe kan die bestaande kerklike aktiwiteite verander word om aan jongmense se behoeftes te voldoen?"

- Deur groter aandag aan die jeug in kerklike aktiwiteite te gee
- Deur meer toegespitste jeugaktiwiteite aan te bied

Vraag 3: "Watter ander aktiwiteite behoort jou gemeente aan te pak wat vir jou as jongmens lekker sal wees?"

- Meer byeenkomste vir die jeug van die kerk
- Jeugkampe

2.8.2.3 Huisbesoek

Drie navorsingsvrae is gestel rondom huisbesoek.

Vraag 1: "Waarvan hou jy wanneer die predikant of ouderling of diaken kom huisbesoek doen"

- Belangstelling in my as persoon

Vraag 2: "Waarvan hou jy nie as daar huisbesoek gedoen word?"

- Indien kinders nie betrek word in die huisbesoek nie
- Huisbesoek op ongeleë tye
- Huisbesoek wat langdradig is

Vraag 3: "Wat kan die predikant, ouderling of diaken aan hulle huisbesoek verander sodat dit vir jou meer betekenis kan hê"

- Huisbesoek moet meer ontspanne en informeel wees
- Kinders moet by die huisbesoek betrek word
- Huisbesoek moet sy doel bereik

2.8.2.4 Kategese

Twee navorsingsvrae is gestel rondom kategese.

Vraag 1: "Wat is die belangrikste waarde wat kategese vir jou gehad het?"

- Groei in die kennis van God en sy Woord
- Geloofsversterking
- Vrae waarmee die jongmense worstel, word beantwoord
- Gemeenskap met medegelowiges

Vraag 2: "Wat sal jy graag in die katkisasie wil verander?"

- Katkisasie moet korter en meer prakties wees
- Sake wat vir tieners belangrik is, moet aandag geniet

2.8.2.5 Pastorale sorg

Vier navorsingsvrae is gestel rondom pastorale sorg. By vraag 4 word al die aspekte vermeld wat deur die jeug beklemtoon is.

Vraag 1: "In watter mate het jy vrymoedigheid om jou probleme met jou predikant te bespreek? En met jou ouderling? En met jou diaken?

- Die jeug het baie vrymoedigheid teenoor hulle predikante, terwyl hulle minder vrymoedigheid het teenoor hulle ouderling en diaken.

Vraag 2: "In watter mate het jy vrymoedigheid om jou probleme met jou ouers of enige ander ouer persoon te bespreek? "

- Die meeste jongmense het vrymoedigheid om hulle probleme met hulle ouers te bespreek.

Vraag 3: "Wat bring mee dat jy vrymoedigheid het om jou probleme met iemand anders te bespreek?"

- Vertroue in die persoon
- Die integriteit van die persoon
- Die persoon se wil en vermoë om jongmense te verstaan.

Vraag 4: "Wat behoort die kerk te doen om jou in jou persoonlike geloofslewe te ondersteun?"

- Duidelike en aktuele prediking
- Huisbesoek doen
- Praat meer persoonlik met die jeug
- Hulp met Bybelstudie
- Jeugaktiwiteite bevorder (kampe, ens.)
- Anonieme vrae moet in gemeentes se nuusbriewe beantwoord word
- Goeie kommunikasie
- Kerk moet belangstel in wat jongmense doen
- Gemeente moet saam aktuele sake bespreek
- Liefde en hulpverlening aan mekaar

Besluit: Kerke moet kennis neem van die bevindings van die navorsing in 2.8.

2.9 Bevordering van die sing van die Psalms en Skrifberymings (Opdrag 7)

2.9.1 *Oppienoot*

Die Deputate het 'n *Oppienoot…met die Psalms* laat saamstel deur ds. Ben Fourie en dit tot beskikking van die kerke gestel. Dit word as 'n groepspel aangebied waaraan twee of meer persone of kleiner groepe kan deelneem. Terugvoering wat die Deputate oor hierdie publikasie ontvang het, is deurgaans baie positief. 'n Groot aantal eksemplare is reeds verkoop.

2.9.2 Psalmfees

Die Deputate het in samewerking met die sangeres Christa Steyn 'n Psalmfees vir Augustus 1998 beplan. Tydens hierdie geleentheid sou sy en ander gekeurde kunstenaars twintig Psalms voor 'n jeuggehoor in Pretoria sing en sou daar ook 'n CD uitgereik word met die gesingde Psalms. Hierdie projek moes ongelukkig gekanselleer word aangesien die kunstenaars gevra het dat die projek eerder aangepak moet word met die nuwe Psalmberyming.

2.9.3 Jeugkongres/kampe

Die bevordering van die sing van Psalms en Skrifberymings is as 'n pertinente doelwit aan die organiseerders van die Jeugkongresse/kampe (kyk 2.4.2) gestel. Die terugvoering wat die Deputate van die organiseerders ontvang het is dat daaraan uitvoering gegee is en dat die jongmense die samesang as verrykend beleef het.

Besluit: Kennis geneem.

2.10 Tuisblad op die Internet vir Gereformeerde jongmense

Die volgende opdragte is aan die Deputate gegee:

- Stel vir die doelgerigte toerusting van die kerkjeug, en as hulpmiddel vir kerke, programwenke vir jeugbyeenkomste saam
- Gee vir die jongmense en spesifiek vir die laerskooljeug verder toerusting oor Bybelleesmetodiek en stel geskikte hulpmiddele beskikbaar
- Deur toerustingsmateriaal verder aandag te gee aan die noodsaak van die toerusting en opleiding van jongmense om met jeugaktiwiteite leiding te neem
- Die Deputate vir Jeugsorg word opgedra om verdere voorstelle aan kerkrade te maak waarmee die kerkrade die jongmense kan stimuleer om jeugwerk in die amp van die geloof te onderneem

In die lig hiervan het die Deputate onder leiding van br. Tommie Chambers 'n tuisblad opgestel. 'n Geselsblad, kennisgewingblad en 'n advertensieblad is onder andere deel van hierdie tuisblad. By die indiening van die Rapport was die beplanning om by elke gemeente 'n kontakpersoon te bekom om sodoende die deelname van elke gemeente se jongmense te verseker.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Keur die optrede van die Deputate Jeugsorg goed.

Besluit: Goedgekeur.

4. Aanbevelings

4.1 *Die Sinode benoem weer Deputate vir Jeugsorg met die volgende opdrag*

4.1.1 Stel (vir die doelgerigte toerusting van die kerkjeug en as hulpmiddel vir kerke) programwenke vir jeugbyeenkomste saam

4.1.2 Gee verder aandag, deur toerustingsmateriaal, aan die noodsaak van die toerusting en opleiding van jongmense om met jeugaktiwiteite leiding te neem

4.1.3 Inisieer die samestelling van lektuur veral vir naskoolse jeug en poog om lektuur ook vir blinde persone toeganklik te maak

4.1.4 Dien as skakel met die Jeugkommissies van die NG en NH Kerke en met ander binnelandse Kerke rakende kerklike jeugsorg

4.1.5 Bevorder die sing van Psalms en Skrifberymings by die jeug

4.1.6 Staan kerke in ander GKSA Sinodes by in jeugsorg, indien hulle dit versoek

4.1.7 Gebruik die Internet maksimaal by die verskaffing van hulp aan kerke in hulle jeugsorg

4.1.8 Die Deputate inisieer jaarliks jeugkongresse/kampe met die oog op hulp aan kerke in hulle jeugsorg.

4.1.9 Staan die kerkrade en hulle jeugkommissies by d.m.v. publikasies, kursusse en advies deur die toerusting van o.a. ouers en jongmense. In hierdie toerusting kan aandag gegee word aan:

4.1.9.1 die onsekerheid en trauma wat die hedendaagse jongmens beleef.

4.1.9.2 die geestelike weerbaarheid van jongmense en die praktyk van heiligmaking

4.1.9.3 die skep van gesonde verhoudings in die gesin, kerk, kerkverband, vriendskappe en met homself as persoon.

4.1.9.4 die uitvoering van die roeping as koninkrykskind op alle terreine van die lewe.

4.1.9.5 die verering van God in die volle skopus van gemeenskapsbeoefening in die kerk, onderskeiding van valse godsdienste, groei in die verhouding met God, dissipline en vreugde van kerkwees en Gereformeerde identiteit.

4.1.10 Aandag gee aan die totstandkoming van 'n netwerk om die jeugaktiwiteite in die kerkverband te koördineer, wat so funksioneer dat dit die kerke in hulle jeugsorg op die bes moontlike manier bystaan.

Besluit Goedgekeur.

18.5 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE OOS-TRANSVAAL OOR 'N JEUGDEPUTATE-NETWERK (Artt.111, 174)

A. Ds. J. van Schaik stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie vir Jeug en Onderwys.
C. Ds. P.H. Fick stel die Kommissierapport.

D. BESKRYWINGSPUNT
Die Nasionale Sinode GKSA 2000 se Jeugdeputate stel 'n Jeugdeputate-netwerk in werking, en doen ook kort- en langtermyn beplanning en dra dit vroegtydig oor.

Inleiding
1. Eerstens wil ons ons dank uitspreek teenoor die Here dat daar weer deeglike aandag aan ons jeug in kerkverband bestee word.
2. Tweedens wil ons ons dank uitspreek teenoor al die Jeugdeputate wat op alle vlakke soveel tyd aan jeugwerk spandeer.

Motivering en beredenering
1. Vanweë die opbloei van al die jeugaktiwiteite is daar dikwels botsings tussen gemeente-aktiwiteite, Klassis-, Partikuliere Sinode- en Nasionale Sinode aktiwiteite. Die gemeentes wil graag deel in al die aktiwiteite. Om dit te kan doen, moet korttermyn en langtermyn-beplanning gedoen word. Ons sal dit dus waardeer as daar so gou moontlik vooruitbeplanning gedoen en aan gemeentes oorgedra kan word (bv. *Klassiskampe in 2000 landwyd; Part. Sinode kampe of meer Klassisse saam in 2001; Nasionale kamp in 2002).* Indien ons dit voor die tyd weet, kan gemeentes dit in hulle jaarprogramme inwerk en self daarvolgens beplan.
2. Verder behoort 'n effektiewe netwerk van jeugleiers daargestel te word om beplanning te doen. Hiermee word nie bedoel dat 'n jeugkerk binne-in die kerk gestig moet word nie. Die Beskrywingspunt vra 'n koördinering tussen jeugleiers - *bv. Nasionale Deputate: 4 persone; Part. Sinode Deputate: 2 persone; Klassis Deputate: 2 persone; Gemeente Deputate: 2 persone.* Die weg bly dus steeds deur die betrokke kerklike vergaderings onder toesig van die kerkrade. Die belangrikste werk is die werk wat tussen gemeentes en Klassisse gedoen moet word.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee deur die volgende opdrag aan die nuwe Deputate Jeugsorg te gee: Gee aandag aan die totstandkoming van 'n netwerk om die jeugaktiwiteite in die kerkverband te koördineer, wat só funksioneer dat dit die kerke in hulle jeugsorg op die bes moontlike manier bystaan.